

Derdepoort

Skandvlek op die Engelse militêre geskiedenis

Dr J P Botha

Kyk op die laaste bladsy na die opgawe van die Skrywer se ander werke, beskikbaar by die selfde uitgewer.

Kopiereg voorbehou deur dr JP Botha

Uitgegee deur Biedell Uitgewers

Posbus 3095

PRETORIA

0001

Sel: 0826 631 881

Inhoud

1.	Voorwoord	4
2.	Boerekommando's op die wesgrens	5
3.	Die Engelse offensief uit die noorde	16
4.	Die Engelse en die Swartes	25
5.	Die moorde	32
6.	Die wêreld se reaksie	49
7.	Die Boere se straf tog	55
8.	Die tragedie by Kaya-se-put	69
9.	Die swart vloedgolf oor Transvaal	79
10.	Slot	85

1

Voorwoord

Die moorde wat gedurende die vroeë oggendure van Saterdag, 25 November 1899 op die Boerelaertjie en polisiebeamptes te Derdepoort, aan die Maricorivier deur Swartes onder aanvoering van Engelse offisiere gepleeg is, is in die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog nie algemeen bekend nie. In die monumentale werk van dr JH Breytenbach oor die Oorlog, is dit wel geboekstaaf, maar hierdie lywige bundels, deur die staatsdrukker gedruk en versprei, is nie by die algemene publiek bekend nie.

Wat daardie nag by Derdepoort plaasgevind het, is egter van soveel betekenis in die geskiedenis van die Oorlog, dat daar reeds twee lywige tesisse oor geskryf is. Die eerste daarvan is van E Broos: "Die noordelike hooflaer in die distrikte Zoutpansberg, Waterberg en Rustenburg, aan die begin van die Tweede Vryheidsoorlog tot die besetting van Pretoria" (MA-tesis, UP, 1943). Die ander een is van HJ Botha: "Die moord op Derdepoort – nie-blankes in oorlogsdienste" (MA-tesis, UP, 1965).

Ongepubliseerde verhandelings kan alleen in universiteitsbiblioteke geraadpleeg word deur navorsers en studente wat daarin belangstel.

Die inhoud daarvan bereik nie die breë leserspubliek nie.

Nog minder bekend as die gebeurtenisse wat by Derdepoort plaasgevind het, was die halfhartige optrede van die Boereoffisiere aan die noordgrens van die Republiek teenoor die invallende mag van die vyand. Hulle versuim om die Engelse opmars uit Rhodesië die hoof te bied, het die vyand toegelaat om deur te dring tot by Derdepoort en om selfs die Boeremag wat Mafeking beleër het, aan te tas.

Derdepoort was die begin van die gesamentlike optrede van die Engelse en die Swartes as bondgenote teen die Boere. Die latere voortsetting daarvan gedurende die verloop van die Oorlog, het die aard van die stryd beëindigend beïnvloed want sonder hul swart bondgenote sou die Engelse waarskynlik nog veel moeiliker daarin geslaag het om die Boere te onderwerp, hul vryheid te ontnem en hul land te roof.

2

Boerekommando's op die wesgrens

Die ultimatum wat die Suid-Afrikaanse Republiek aan Engeland gestel het om al sy troepe-sametrekkings op sy grense terug te trek, is op 11 Oktober 1899 met die volgende oorlogsverklaring beantwoord: *"The conditions demanded by the Government of the South African Republic are such as Her Majesty's Government deem it impossible to discuss."*

Daarna het die kommando's op die wesgrens van die Republieke ontplooi, ten einde aanvalle van die vyand vanuit hierdie rigting die hoof te kon bied.

Generaal PA Cronjé

Die bevel oor die opgekommandeerde burgers is opgedra aan generaal PA Cronjé, wat met 4 000 burgers die 1 500 Engelse, Kleurlinge en Swartes in die dorpie Mafeking gaan beleër het.

Generaal Cronjé was vroeër kommandant van Potchefstroom. Hy het in die Eerste Wêreldoorlog die Britse garnisoen te Potchefstroom vanaf 18 Desember 1880 tot 21 Maart 1881 beleër en vir kolonel Winsloe tot oorgawe gedwing. Daarna het hy weer in 1896 militêre roem ingeoes toe Jameson met sy vrybuiters by

Doringkop moes oorgee. Met die uitbreek van die Oorlog is hy deur die Regering as opperbevelhebber van die wesfront aangestel.

Mafeking word beleër

Cronjé het geglo dat hy die Engelse in Mafeking alleen met 'n beleg kon oorrompel en het daarom met die verskeie kommando's onder sy bevel die dorp gaan beleër. Die kommando's Zeerust, Rustenburg en Wolmaransstad het suid van Mafeking gaan posisie inneem, terwyl die Lichtenburgers en Potchefstromers noord van die dorp gaan laer het.

Generaal Cronjé se militêre adviseur, die heer JH de la Rey, het aan Cronjé voorgestel om net 'n wag van 300 burgers by Mafeking te laat om Baden-Powell, die aanvoerder van die troepe se bewegings aan bande te lê en om met die res van die krygsmag voort te trek in die rigting van Veertien Strome. Hiervan wou Cronjé niks hoor nie. Hy wou die vyand in Mafeking vernietig en het geglo dat hy daarvoor 'n groot mag nodig sou hê.

Die slag by Kraaipan

Generaal Cronjé het darem nie versuim om maatreëls te tref ter beveiliging van die Republiek se grenslyn suid en noord van Mafeking nie. Hy het sy militêre adviseur, Jacobus Hercules de la Rey, aangestel as veggeneraal en hom bevel gegee om met 800 burgers onmiddellik in 'n suidwestelike rigting

te vertrek na die spoorwegstasie Kraaipan op die Vryburg-Mafekinglyn, met die opdrag om die 1 000 Engelse troepe wat volgens berigte hulle aldaar bevind het, te gaan aanval en om die treinspoor te gaan opbreek.

Generaal De la Rey het op 12 Oktober die stasie by Kraaipan bereik. Daar was geen troepe meer nie, maar die burgers het daardie nag 'n gepantserde trein en sy bemanning oorrompel, nadat dit ontspoor het en 'n ryk buit aan ammunisie en proviand gemaak. Dit was die heel eerste slag van die Oorlog.

Die kommando by Derdepoort

Om die Transvaalse noordwestelike grens langs die distrikte Rustenburg en Marico behoorlik teen 'n vyandelike aanval te beskerm, het Cronjé reeds op 9 Oktober 'n sterk afdeling Rustenburgers onder bevel van kommandant Casper du Plessis, bygestaan deur veldkornet Piet Kruger, te Derdepoort gestasioneer. Na die uitbreek van die Oorlog het hy aan die Bosveldveldkornetskap van die kommando Marico, onder bevel van veldkornet Pieter Daniël Swart, bevel gegee om op te ruk en die gebied noordwaarts tot sover as wat dit onder sy bevel gestaan het, van die vyand te suiwer.

PD Swart breek treinspoor op

Swart het geen gras onder sy voete laat groei nie. Gedurende die nag van 13 Oktober het hy die grens oorgesteek en die spoorlyn

trein reeds daarin geslaag om die spoorlyn na Bulawayo te herstel en na die noorde te ontsnap.

Nou moes die Rustenburgers te Derdepoort, wat ook nie oor grofgeskut beskik het nie, dit ontgeld.

Tot dusver het hierdie kommando maar baie min van die vyand te sien gekry. Slegs op 16 Oktober het 'n polisiepatrolie onderweg na Gaborones en gelei deur kommandant Johannes Riekert, kommandant van die polisie te Derdepoort, met 'n klompie Engelse gebots en met 'n eie verlies van slegs een perd, drie Engelse gevange geneem en 5 perde met saal en toom asook enige gewere buitgemaak.

Skermutselings met die trein

Die feit dat so min van die Engelse gesien is, was waarskynlik die aanleiding wat kommandant Du Plessis daartoe gebring het om twee sterk patrollies van Derdepoort af weg te neem en binne Britse gebied naby die spoorlyn te stasioneer, die een te Ramoutsa, deur homself gelei, en die ander naby Gaborones, onder aanvoering van Piet Kruger. Van hierdie twee punte af is nou steeds patrollies in westelike rigting uitgestuur om die vyand op te soek.

Op 18 Oktober, onderwyl een van hierdie patrollies by Crocodile Pools by die spoorlyn was, het die gepantserde trein, *HM Powerful*, wat met die burgers te Lobatsi slaags was, daar aangekom op sy terugtog na die noorde. Met

die mausers kon die burgers niks teen die trein uitrig nie en na 'n kort skermutseling het kaptein Llewellyn, bevelvoerder van die troepe op die trein, sy terugtog tydsam en op sy gemak voortgesit na Gaborones, waar die burgers eweneens magteloos was om met hul mausers die trein enige skade aan te doen. Llewellyn, siende dat die burgers niks teen sy *Powerful* kon uitrig nie, het nou behae daarin geskep om telkens terug te stoom in die rigting van Gaborones en verder suidwaarts, ten einde opnuut vuur op die Boere met sy grofgeskut te open. So het dit voortgegaan tot 24 Oktober toe generaal Snyman uiteindelik op die toneel verskyn en 'n einde aan die spel gemaak het.

Snyman het Mafeking op 18 Oktober verlaat met die opdrag om die gepantserde trein te gaan vernietig en om alle sake in die gebied wat deur die Bosvelders en Rustenburgers beset is, te gaan reël. Maar hy het nie die opdrag om met haas te werk te gaan, uitgevoer nie. Hy het dit nodig geag om eers die treinspoor op verskillende plekke op te breek, sodat hy eers op die 20e met kommandant Swart te Lobatsi in aanraking gekom het. Hier het hy ook nog enige dae vertoef om sake te reël, maar toe hy op die 23e 'n bevel van generaal Cronjé ontvang om met haas te werk te gaan en nie terug te keer voordat hy kommandant Du Plessis ontmoet en die lastige gepantserde trein vernietig het nie, het hy verder noordwaarts deurgedruk.

Onderwyl hy op 24 Oktober besig was om die treinbrug by die poort suid van *Crocodile*

Pools met dinamiet te verniel, het sy patrollies in aanraking met *HM Powerful* gekom, wat juis weer suidwaarts beweeg het om die Boere aan te val. Die trein het die burgers op 10 kilometer afstand onder vuur geneem, dog toe Llewellyn ontdek dat die burgers nie weer die wyk neem nie en oor grofgeskut beskik, het hy dit die verstandigste geag om na 'n kort skermutseling die geveg af te breek en noordwaarts koers te vat.

Snyman het dus misluk in sy taak om die trein te vernietig, maar hy kon darem nou ongestoord voortgaan om die Bulawayo-spoorweglyn na hartelus te verniel. Van die vyand is geen spoor meer gewaar nie. Slegs twee berede swart polisie is tydens hul verdere ekspedisie noordwaarts deur die burgers op die lyf geloop, waarvan een gedood is, terwyl die ander een daarin geslaag het om ongedeerd te ontvlug.

Snyman se kommando het op 25 Oktober die stasie by *Crocodile Pools*, wat tydig deur die Engelse ontruim is, in besit geneem, die spoorweg terdeë verwoes en die groot treinbrug noord daarvan in die lug geblaas. Daarna het hy verder na die noorde voortgestoot en die volgende dag Gaborones bereik. Hier het hy alles eenzaam en verlate aangetref. Selfs nie die geblêr van 'n skaap, die gebulk van 'n bees of die gerunnik van 'n perd kon verneem word nie. Net die smeulende hope as van verbrande perdevoer het verraai dat die bewoners van die plek die vorige dag in aller yl met hul lewende hawe

gevlug het. 'n Ryke buit aan eetware en kleding het die kommando egter in die skoot geval.

Beveiliging van die wesgrens afgehandel

Snyman het ook hier te Gaborones, net soos elders, die treinspoor verniel en daarna besluit om maar weer na Mafeking terug te keer. So ver hy kon nagaan, was daar geen verdere reëlings te tref nie. As gevolg van onnodige tydverspilling het hy nie daarin geslaag om die lastige gepantserde trein te verniel nie, maar hy het die treinspoor so deeglik opgebreek dat die *Powerful* nie weer in staat sou wees om dit te gebruik voor na ontsaglike moeite met herstelwerk nie. Hy het ook gemeen dat aan Llewellyn nie die geleentheid daartoe gegun sou word deur die Waterbergers, wie se operasiegebied hy nou bereik het nie.

Daar was ook geen moeilikheid met betrekking tot die Swartes om sy aandag in beslag te neem nie. Bowendien was daar geen troepe meer in die omgewing nie, behalwe verstrooide vlugtelinge. Generaal Cronjé het dus opdrag aan Snyman gegee om terug te keer, aangesien hy die grenslyn beveilig het tot teen die gebied waarvoor generaal Grobler verantwoordelik was. Cronjé het selfs gemeen dat 'n kommando by Derdepoort onnodig was en dat die 650 burgers onder kommandant Du Plessis en veldkornet Kruger tot beskikking van generaal Joubert op die Natalse front gestel moet word.

Hierdie aanbeveling is gemaak in die vertroue dat generaal Grobler die Engelse verder noordwaarts sou terugdruk en die noordelike grens van die Republiek doeltreffend sou beskerm. Min het hy geweet dat die twee noordelike kommando's Plumer se onbeduidende krygsmag voortaan sou toelaat om huis te hou net soos hy wou. Hy kon nie dink of voorsien dat dié burgerkommando's van 1 700 goeie vegsmanne so onaktief sou bly lê nie en dit bowendien op 'n punt wat inderdaad nie ernstig deur die vyand bedreig is nie en wat deur 'n baie kleiner wag ewe doeltreffend beskerm kon word, terwyl hul kragte op die eintlike oorlogstoneel dringend nodig was. Indien hierdie twee noordelike kommando's hul plig gedoen het, sou die tragedie van Derdepoort na alle waarskynlikheid nooit plaasgevind het nie.

3

Die Engelse offensief uit die noorde

Toe generaal Grobler wat die noordelike kommando's moes aanvoer, op 12 Oktober 1899 van die Staatssekretaris die kennisgewing ontvang dat die Oorlog uitgebreek het, was die kommando's van Waterberg en Soutpansberg nog nie naastenby op hulle aangewese poste nie. Hulle was dus nie in staat om die opdrag wat vroeër aan hulle uitgereik is, onmiddellik uit te voer nie. Hulle sou die grens vanaf hulle onderskeie plekke oorsteek, tot teen die Kaapstad-Bulawayo-spoorlyn deurdruk en noordwaarts in die rigting van Bulawayo opruk.

Die Waterbergers het eers teen 21 Oktober by die grens aan die Palala aangekom en die Soutpansbergers het in verskillende veldkornet-skappe op 19 Oktober by die grens opgedaag, by Rhodesdrif, Pontdrif, Middeldrif, Hendriksdal en naby Slypsteendrif. Hulle aanvoerder, assistent-generaal HC van Rensburg, het opdrag gehad om die grens oor te steek in die rigting van Tuli en saam met die Waterbergers deur te druk na Bulawayo.

Bang offisiere

Die Regering was bitter teleurgestel toe daar niks gebeur nie. Talryke dringende aanmanings het niks gehelp nie. Nóg generaal FA Grobler met die Waterbergers, nóg waarnemende generaal Van Rensburg met die Soutpansbergers het Rhodesië binnegeval. Van Rensburg wat oor geen artillerie beskik het nie, was só geïmponeer deur gerugte aangaande die sterkte van die Engelse krygsmag wat aan die oorkant van die rivier in die ruigte gelê het, die versterkings wat hulle daagliks sou ontvang en die baie kanonne wat hulle sou besit, dat hy dit die verstandigste geag het om maar liever op Transvaalse bodem te bly.

In antwoord op die Regering se vertoë het hy toe maar net dringend getelegrafeer dat hy van kanonne voorsien moes word voordat hy dit kon waag om aanvallend op te tree en origens het hy doodstil gelê. Alhoewel die Regering onmiddellik twee groot maxims met die nodige bediening onder kaptein Sarel Eloff uit Pretoria aangestuur het, sou dit egter nog geruime tyd duur voordat die kanonne hul bestemming bereik en intussen is die Engelse troepe oorkant die rivier toegelaat om hulle in te grawe en die Swartes op die Transvaalse noordelike en noordwestelike grens ongehinderd op te stook.

Plumer en die Rhodesiërs

Die Engelse troepemag in Rhodesië was nie groot nie. Dit het bestaan uit sowat 500 sol-

date (5 eskadrons van die *Rhodesia Regiment* en 100 *British South Africa Police*) met een 12½ ponder maxim Nordenfeldt, twee 2½ duim voorlaaierskanonnetjies en twee gemonteerde .45-martini-henry-maxims, alles onder bevel van luitenant-kolonel HCO Plumer, wat ook die gebruik van die gepantserde trein, *HM Powerful*, tot sy beskikking gehad het.

Plumer was 'n opgeleide infanterie-offisier wat in Julie 1899 deur Wolsley na Suid-Afrika toe gestuur is as een van die onderoffisiere wat Baden-Powell in sy taak moes bystaan. Hy het in 1896 saam met BP in die Matebele-opstand geveg en was dus op hoogte met die toestande in Rhodesië.

Hy moes die Britse gebied noord van Mafeking tot aan die Portugese grens verdedig. Baden-Powell het hom opdrag gegee om die grens te verdedig vanaf Tuli as middelpunt. Hy moes die Boere deur magsvertoon dwing om 'n groot mag vir Noord-Transvaal af te sonder en besig te hou, sodat hulle aandag afgetrek word van die Britse hoofmag wat in die suide in aantog was.

Plumer het vroeg in 1899 van Mafeking na Bulawayo vertrek en daarna na Tuli opgeruk, waar hy op 14 Oktober aangekom het. Hy het dadelik stappe gedoen om die vernaamste deurgange deur die Limpopo te beset. Hy het sy mag in drie verdeel: Die een gedeelte, bestaande uit die polisie en een eskadron van die *Rhodesia Regiment* het hy te Tuli gelaat; 'n tweede afdeling, bestaande uit een eskadron van die

Rhodesiërs, is te Shasi geplaas en die hoofmag van drie eskadrons het twee kilometer ten noorde van Rhodesdrif op 'n aantal koppies stelling ingeneem.

Skermutselings langs die Limpopo

Ofskoon die terrein langs die Limpoporivier baie ruig was en dit bykans onmoontlik was om doeltreffende verkenningswerk te doen, het die twee teenoormekaarstaande magte daarin geslaag om mekaar se posisies voor die 20e te ontdek. Aanvanklik het daar geen botsings voorgekom nie, maar die Engelse was nie lank met die stilsittery tevrede nie.

Op die 20e, onderwyl veldkornet Briel besig was om patrolliediens langs die rivier te doen, het die Engelse skielik van uit die doringruigtes op die oorkantste oewer op hulle losgebrand, 3 perde en een os gedood en een perd gewond. Van die Engelse was slegs 'n paar troepe tussen die bome deur sigbaar en van hulle het die burgers, wat dadelik die vuur beantwoord het, twee Blanke en twee Swart soldate neergeskiet en een perd verwond. Terselfdertyd het 'n patrollie van die hooflaer in aanraking gekom met 'n aantal Swart wagte van die Engelse en sonder enige eie verliese, vier van hulle doodgeskiet.

Die aanwesigheid van 'n aantal skynbaar veglustige troepe op die oorkantste rivieroewer het die Boere tot optrede gedwing, want die Engelse het die toegang tot die rivier vir mens en dier baie gevaarlik gemaak en sodoende die

burgers van die enigste drinkwater in die omgewing afgesny. Die Boere was dus gedwonge om met die oog op drinkwater, vir hulle die onbetwiste besit van ten minste 'n deel van die stroom te verseker. Daarom het waarnemende kommandant Jan du Preez 'n poging aangewend om hierdie reg te beveilig deur 'n fort aan die rivier te bou met die doel om daaruit die Engelse te skiet, maar dit het skynbaar nie geslaag nie. Die offisiere het toe noodgedwonge besluit dat daar maar net één doeltreffende metode was om die drinkwater vir die kommando te beveilig en dit is om die troepe by Rhodesdrif aan te val en te verdryf.

So gebeur dit toe dat veldkornet Briel met 'n perdekommando op 21 Oktober die rivier oorgesteek het om die vyandelike stellings te gaan aandurf. Briel het sukses behaal. Die Engelse is na 'n warm skermutseling teruggeslaan met 'n verlies van 5 gesneuweldes en 4 vermistes (deur die Boere krygsgevangene geneem). Daar was twee burgers gewond. Hulle het 8 perde en 3 bokseile gebuit. Al die vyandelike patroonbande wat gevind is, was met dum-dum-koeëls gevul.

Plumer het daarop besluit om maar liever op Tuli terug te val. Die aggressiewe optrede van Briel het hom laat skrik vat. Hy het sy stellings die volgende dag verlaat. Toe Briel vroeg die oggend van die 23e oor die rivier trek, het hy die vyandelike kamp verlate aangetref, maar die perdevoer wat deur die Engelse aan die brand gestee is, was nog smeulend.

Die bang Van Rensburg se manewales

Die feit dat die Engelse teruggetrek het, het Van Rensburg soveel moed gegee dat hy daaraan gedink het om dadelik na Tuli deur te druk, maar voordat hy hierdie voorneme kon uitvoer, het hy bang geword. Die gevange Engelse het hom verseker dat Plumer elke oomblik versterkings - insluitende 'n battery artillerie - verwag het. Dit het Van Rensburg van sy voorneme laat afsien. Hy het weer eens by die Regering aangedring om hom van kanonne te voorsien, ten einde hom in staat te stel om die vyand te gaan aanpak.

Van Rensburg se weifelende houding het vir Plumer weer tot daadkrag aangespoor. Hy het patrollies in die rigting van die Limpopo uitgestuur wat net weer begin het om die Boerewagte by Pontdrif lastig te val, toe die versterkings waarsonder Van Rensburg - volgens sy eie opvatting - niks kon uitrig nie, eindelijk opdaag. Polisiekommandant SP Grobler het op 31 Oktober met een veldstuk daar aangekom, terwyl kaptein Sarel Eloff die volgende dag met twee kanonne vanaf Johannesburg die Soutpansberglaer bereik het.

Die bang Van Rensburg en sy mede-offisiere het hulle egter nou sterk genoeg gevoel om die Engelse stellings op die grens en tot by fort Tuli kragdadig aan te val en te vernietig. Hy het op Donderdag, 2 November, die Limpopo-

rivier by Rhodesdrif met 300 perderuiters en 3 kanonne oorgesteek om teen die Engelse laers op te trek.

Van Rensburg het 'n deel van sy mag onder veldkornette Briel en Alberts saam met kaptein Eloff en sy veldstukke noordwaarts laat voortstoot in die rigting van Tuli. Op pad het hulle by Bryce se winkel 'n konvooi van 8 waens, begelei deur 26 man, wat op pad was na die Limpopo, oorrumpel en met die gebuite voorraad na hul stellings aan die rivier teruggekeer. Intussen het die ander deel van die kommando, onder leiding van Van Rensburg persoonlik en bygestaan deur veldkornet Kelly en polisiekommandant Grobler, met 'n maxim op Spreckley se eskadron in die rantjies net noord van Rhodesdrif losgetrek. Die Engelse het met eens 'n witvlag gehys, maar toe die burgers uit hul skuilings opstaan om die soldate gevange te neem, begin dié weer te skiet en dood twee van die burgers. Uit een van hulle is 'n dum-dum-koeël gehaal.

Die stryd is toe weer hervat tot dit donker was. Die Engelse het onder bedekking van die nag na Tuli gevlug met agterlating van alles behalwe hul gewere. Hulle het in 'n gehawende toestand Tuli om 2 uur die nag bereik.

Van Rensburg het eers die volgende dag agtergekom dat die Engelse ontsnap het toe hy die bombardement op hul stellings hervat en na 'n lang kanonnade eers ontdek dat hy besig was om sy bomme op 'n verlate kamp te mors.

Daarmee was die onmiddellike omgewing van die grens van Noord-Transvaal nou darem van die Engelse gesuiwer, maar in plaas van onverwyld toe te slaan en die vluggende Engelse met durf aan te pak, het Van Rensburg en sy offisiere in die verlate Engelse stellings bly sit en huiwer oor wat hulle nou verder moes doen. Die waarnemende Generaal se gesonde verstand het vir hom gesê dat hy nou Tuli moes gaan inneem, maar hy kon eenvoudig nie so verkom nie en toe op 3 November die middag 'n vals alarm die laer bereik, vlug hy met sy hele kommando terug oor die grens en laat die artilleriste met die kanonne net so in die verlate stellings in die steek, té haastig om weg te kom. Danie du Preez, Kommissaris van Naturelle, het daarna met veel moeite 'n klompie vrywilligers gewerf en die veldstukke weer gaan haal.

Van Rensburg het op 4 November eers ontdek dat hy vir niks weggehardloop het nie. Hy het die stellings weer gaan beset en aan die Regering laat weet dat hy van plan was om die volgende dag na Tuli op te trek. Maar almal het geweet dat met Van Rensburg aan die hoof, daar nooit 'n aanval op Tuli sou plaasvind nie.

Die onaktiewe Waterbergers

Die kommando Waterberg aan die Palalarivier se offisiere het botweg geweier om die Regering se opdrag uit te voer. Hulle het gesê hulle sou niks anders doen as om net die grens teen 'n vyandelike inval te bewaak nie. Hulle het geweier om hulle laer tot by die grens te

verplaas, onder voorwendsel dat dit daar by die Limpopo te ongesond is. Hulle het gebly net waar hulle was, ongeveer 30 kilometer van die grens af.

Die Regering het hulle aanvoerder, kommandant Lombard, na Pretoria teruggeroep en vir Jan du Plessis de Beer in sy plek benoem, maar De Beer het net soos Lombard geweier om 'n voet te versit. Niks kon die twee noordelike kommando's, Waterberg en Soutpansberg, beweeg om die Regering se opdrag om Rhodesië binne te val en tot by Bulawayo deur te dring, uit te voer nie.

Omdat kolonel Plumer se krygsmag te klein was om vanuit die noorde die veiligheid van die Republiek ernstig te bedreig en generaal Cronjé met hulle sou afreken indien hulle suidwaarts sou beweeg, het die Regering die twee kommando's in die noorde maar hulle gang laat gaan, totdat hulle in November gekommandeer is om na die suidelike oorlogsfront gestuur te word.

4

Die Engelse en die Swartes

Die plasing van burgermagte op strategiese plekke langs die wes- en noordwesgrens van die Republiek, was nie net soos reeds aangetoon is, om enige oprukkende vyandelike leer die hoof te bied nie, maar ook om 'n oog te hou oor die swart stamme wat daartoe kon oorgaan om aanvalle op die burgers of op hul agtergeblewe gesinne te waag, omdat hulle deur die Engelse daartoe opgestook was. Van hierdie geleentheid het die Engelse lank voor die Oorlog reeds gebruik gemaak om die Swartes van die Betsjoeanalandse Protektoraat teen die Boere op te rui, sodat hulle in die Oorlog teen die Republiek op die aktiewe steun van hierdie groot nie-blanke bevolking van die Protektoraat kon reken.

Die Engelse werf swart bondgenote

Die Britse bemoeiinge en invloed het veroorsaak dat Khama se Bamangwato's by Palapye, Bathoen se Bangwaketses by Kanya, Sebele se stam by Gaberones en Linchwe se Bagatlas by Mochudi vroeg in die oorlog 'n vyandelike houding teenoor die Boere ingeneem het. Tot hierdie toedrag van sake het Baden-

Powell en sy agente vanuit Mafeking 'n groot bydrae gelewer. Toe hy verseker was van al die swart stamme in Betsjoeanaland se steun, het hy op 12 Desember 1899 die beleërende burgers om Mafeking bedreig met 'n swart inval in die Republiek, indien hulle nie onmiddellik huis toe gaan en daar bly tot die Oorlog oor is nie! Generaal Joubert het na aanleiding van hierdie bespotlike eis van Baden-Powell aangemerkt dat hy "*dezen jingo*" in 1881 leer ken het en "*dat de Engelschen en een kaffer uit een geest en bloed bestaat en daarom, als het op handelen aankomt, zullen zij één werk doen.*"

Plumer steek die Betsjoeanalandse stamme teen die Boere op

Nadat die twee noordelike kommando's van Soutpansberg en Waterberg gekommandeer is om na die suidfront gestuur te word, het 'n afdeling van Plumer se troepemag onder kolonel Nicholson vrye spel geniet om langs die Transvaalse wesgrens met gepantserde treine te patroleer en is hulle die geleentheid gegun om die spoor van Magalipsi suidwaarts ongestoord te herstel in die rigting van Mochudi. Hulle het ook van hierdie geleentheid dankbaar gebruik gemaak om die swart stamme in Betsjoeanaland, aan wie se trou en onderdanigheid aanvanklik getwyfel is, finaal na Britse kant oor te haal.

Oor die bondgenootskap van drie van hierdie stamme in die noorde van Betsjoeanaland

het die Engelse nie rede tot groot bekommernis gehad nie. Khama, die hoof van die Bamangwatostam, was sedert sy besoek aan Engeland waar hy aan die Koningin voorgestel is, 'n bewonderaar van die Engelse en het verklaar dat hy die Boere sou beveg indien hulle sy gebied sou binnedring. Die feit dat Khama die Boere vyandig gesind was, het eers op 8 November tot laasgenoemde deurgedring na 'n onverwagte aanval van die Bamangwato's op 'n afdeling Republikeinse polisie wat by Kruispad, naby die samevloeiing van die Matlabas- en Limpopoviere, gestasioneer was. Die Regering kon nie hierdie vyandigheid verklaar nie en het polisie-kommandant Riekert vanaf Derdepoort noordwaarts gestuur om by Khama self te gaan hoor watter faktore tot die aanval aanleiding gegee het.

Die *Times History* vertel dat die vyandskap ontstaan het nadat die Waterbergers 'n stat by Selikakop onder die bomme sou gesteek het. Die Britse offisiële geskiedenis van die Oorlog weer, voer aan dat die Boere hulle die gramskap van die Swartes op die hals gehaal het deur herhaaldelik op groepies inboorlinge te vuur en hul statte te beroof. Bewysgronde vir hierdie bewerings sal na alle waarskynlikheid nooit gevind word nie, want die Waterbergkommando het dan nooit die Limpopogrens oorgesteek nie!

Hoe dit ook al sy, die Britse troepe in Betsjoeanaland het die vyandige gesindheid van Khama met 'n goedkeurende stilswye bejeën en

Plumer het hom versekerd geag van die steun en bystand van Khama se Bamangwato's by Palapye en omstreke en ook van dié van Bathoen, hoof van die Bangwaketsistam by Kanya en van Sebele, wat gesag gevoer het oor een van die stamme by Gaberones.

Die Bagatlas van Mochudi

Die enigste opperhoof oor wie se trou aan Groot-Brittanje getwyfel is, was Linchwe, wat met sy volk (die Bagatlastam) tussen die Limpopo- en Notwaniriviere gewoon het en wie se hoofstat, Mochudi, naby die treinspoor geleë was.

Die Bagatla van Mochudi het in die vroeë sewentigerjare vanaf Saulspoort in Transvaalse gebied onder hul opperhoof, Kgamanyane – seun van Pilane, na wie Pilandsberg vernoem is – na Betsjoeanaland verhuis. Hier het Linchwe na die dood van sy pa, Kgamanyane, in 1874 die stryd om die opperhoofskap van die stam teen sy ouer halfbroer, die buite-egtelike Segale, gewen en kaptein van die Betsjoeana-landse Bagatlas geword.

Linchwe was die Boere eers goedgesind

Voor die uitbreek van die Oorlog en ook daarna, tot en met 25 November 1899, was die Boere doodseker dat Linchwe hulle goedgesind was en het daar ook geen enkele voorval plaasgevind wat aanleiding tot wrywing kon gee

of wat hoegenaamd op enige openbaring van vyandigheid van hierdie inboorlingstam teenoor die Republiek kon dui nie. Op 7 November het polisiekommandant Riekert gerapporteer dat hy met 'n patrolie van 17 man op 31 Oktober Mochudi besoek het, alwaar hulle die nag geslaap het en gasvry en vriendelik deur Linchwe onthaal is. Hy het weer eens sy vriend-skap met die Boere beklemtoon. Riekert het tydens hierdie tog persoonlik met verskeie ander onderkaptrins van die Bagatlas gepraat en die indruk gekry dat die Boere van die groot Bagatlastam langs die Transvaalse wesgrens niks te vrese het nie en dat hulle in elk geval neutraal sou bly in die Boere se stryd teen Plumer se troepe. Linchwe is allerweë beskou as 'n vriend van die Boere en daarom het president Kruger na die aanval van Khama se krygers op die polisie te Kruispad aan generaal Cronjé voorgestel dat oud-kommandant Malan en kommandant Du Plessis van Derdepoort na Mochudi gestuur moes word, aangesien albei van hulle met Linchwe goed bevriend was, om met laasgenoemde te reël dat sy volk teen Khama moes optrek indien die Bamangwato's verder moeilikheid sou maak.

Hoe Linchwe vir die Engelse gewerf is

Gevolglik kon die Regering en al die krygsoffisiere eenvoudig nie glo dat die Bagatlas deur die bemoeienis van die Engelse beïnvloed sou

word nie, toe daar op 22 Oktober berig ontvang is dat 'n voorraad ammunisie aan Linchwe opgedring is om sy volk mee te bewapen. Hulle was egter nie bewus van die feit dat majoor H Goold Adams, Resident-Kommissaris van die Protektoraat, jare lank voor die Oorlog die Bagatlas sistematies teen die Boere opgerui het nie. Nadat die Oorlog begin het en Goold Adams saam met Baden-Powell in Mafeking vasgekeer is, het assistent-Kommissaris WH Surmon en kaptein Llewellyn, bevelvoerder van kolonel Plumer se pantsertreine, hierdie opruiingswerk in Mochudi en omstreke voortgesit. Hulle het in hierdie poging die heelhartige steun van Segale geniet, wat daardeur die guns van die Engelse wou verwerf ten opsigte van sy stryd teen sy halfbroer, Linchwe, om die opperhoofskap van die Bagatlastam.

Linchwe, wat die Boere werklik goedgesind was, was aanvanklik vasberade om hom nie in die stryd tussen Boer en Brit in te meng nie. Surmon het egter volhard in sy pogings om die Bagatlakaptein na Engelse kant oor te haal. Na 21 Oktober het hy onder andere 'n sekere kaptein Griffiths na Linchwe gestuur en hom en sy hoofmanne op die noodsaaklikheid gewys om hul grense en state te beskerm en om alle Boere uit hul gebied uit te dryf, omdat die lojaliteit van die kapteins gemeet sou word aan die ywer wat hulle aan die dag sou lê om Haar Majesteit die Koningin se gebied te beskerm. Die opperhoofde se handelwyse sou noukeurig waargeneem en aan die Hoë Kommissaris ge-

rapporteer word, met die dreigement daarby dat na afloop van die Oorlog daar drastiese strafmaatreëls op die dislojale kapteins toegepas sou word.

Linchwe is dus geen ander keuse gelaat nie. Hy het die Engelse as die magtigste van die twee strydende partye beskou. Hy het besluit om hulle te steun en die Boere aan te val.

5

Die moorde

Plumer se treine kruip nader

Die Boere wat te Derdepoort gelaer was, het niks vermoed van die nuwe vyandskap van die Bagatlakaptein nie. Die enigste vyandelike mag vir wie hulle op hul hoede was, was Nicholson se troepe. Vir onmiddellike aanvalle uit die noorde was hulle ook nie bang nie, aangesien die gepantserde treine voorlopig nie verder suid as tot by 'n punt, twee en 'n half uur te perd noord van Mochudi kon vorder nie. Riekert en sy patrollie het tydens sy besoek aan Linchwe op 4 November die treinbrug aldaar met dinamiet in die lug laat vlieg. Drie dae later is egter berig ontvang dat die troepe al weer besig was om die vernielde brug te herstel, waarop kommandant Riekert met 'n klein patrollie in dié rigting uitgery het. Hulle het op drie gepantserde treine met troepe afgekom wat onmiddellik 'n swaar vuur op die Boerepatrollie geopen het, sodat hulle in aller yl die hasepad moes kies na die laer te Krokodilpoel. Die droogte en waterskaarste het die laer alhier verhinder om onmiddellik met volle sterkte en grofgeskut op te ruk om die troepe te gaan verdryf of vas te keer, met die gevolg dat die Engelse daarin geslaag het om die vernielde spoor te herstel en om met hul pantserwaens

deur te dring tot by die vernielde treinbrug naby Gaberones, waar generaal Snyman met sy kommando omgedraai het.

Die kommando's neem nuwe stellings in

Generaal Snyman het reeds sedert die begin van November gevrees dat die Engelse die treinbrug sou herstel. Hy het aan kommandant Du Plessis te Derdepoort op 4 November instruksies gegee om hom met die grootste deel van sy manskappe te Gaberones te vestig en te Derdepoort net sowat 100 burgers agter te laat om die grens te bewaak. Daarna het hy ook opdrag gegee aan kommandant PD Swart, wat met die kommando Marico-Bosveld hom nog te Ramoutsa bevind het, om dadelik sy laer na Krokodilpoel te versit sodat sy krygsmag binne bereik van Gaberones kon wees om kommandant Du Plessis aldaar by te staan.

Teen 23 November was hierdie afdelings van die kommando's Marico en Rustenburg op die aangewese plekke, gereed om die troepe en die gepantserde treine te stuit: Die laer van kommandant Swart het stelling ingeneem by die vernielde brug by Krokodilpoel, met die kanon op 800 tree afstand van die spoor reggestel, terwyl die perdekommando van kommandant Du Plessis Gaberones bewaak het. Albei kommando's het op reën gehoop, wat dit moontlik sou maak om die vyand in die dorre streek noord van Gaberones tegemoet te trek.

Holdsworth oorskat Derdepoort se belangrikheid

Die troepe daarenteen, het geen planne gekoester om die Boerekommando's langs die treinspoor te lyf te gaan sonder die beskerming van hul pantserwaens nie. Onderwyl hulle met herstelwerk aan die treinspoor besig was, het hulle inligting bekom aangaande die sterkte en toestand van die laer te Derdepoort. Die moontlike gevaar wat die teenwoordigheid van die klein getal burgers vir die Engelse kon inhou, is deur kolonel Holdsworth heeltemal oorskat. Hy was onder die indruk dat die Boere Derdepoort as basis gebruik het om versterkings en voorrade na Krokodilpoel en Gaberones te stuur. Daarom het Holdsworth met kolonel Nicholson beraadslaag oor die moontlikheid om die laer met sy afdeling Rhodesiërs met wie hy suidwaarts gekom het, te gaan aanval en by dié geleentheid ook van die gewapende swart krygsmag van Linchwe gebruik te maak. Nicholson het op 22 November telegrafies aan Holdsworth sy toestemming tot die voorgenome aanval verleen, sonder enige beperking te stel op die rol wat die inboorlinge tydens die aanval moes vervul.

Die aanval op Derdepoort word beplan

Vanaf Woensdag, 22 November, tot Vrydagoggend was Holdsworth, WH Surmon, kaptein Llewellyn, Linchwe, Segale en die assistent-

magistraat van Betsjoeanaland, die heer J Ellenberger, druk besig om by Mochudistasie die aanval op Derdepoort te beplan. Surmon het Holdsworth gewaarsku teen die moontlikheid dat die Bagatlas tydens die onderneming kon hand uitruk en dat hy hul liever om daardie rede nie moes gebruik nie, dog daar is nietemin besluit om die plan deur te voer. Alhoewel kolonel Holdsworth belooft het om toe te sien dat die Bagatlas nie Transvaalse gebied binnegaan nie, het hy tog op pad na Sekwani aan Segale, wat die impi sou aanvoer, opdrag gegee om met die Bagatlas se aankoms by Derdepoort die rivier regoor die laer deur te trek en 'n rantjie tussen die laer en die rivier te beset.

Die Engelse en hul Swart aanvalsmag in aantog

Op Vrydagoggend, 24 November het Holdsworth vanaf Mochudi met 130 berede troepe, 10 fietsryers en 'n maxim na Sekwani, die Bagatlastat wat regoor Derdepoort aan die westekant van die Marico geleë was, vertrek. Die grootste deel van die afstand daarheen is egter gedurende die daaropvolgende nag afgelê, ten einde die tog deur die moeilik begaanbare, droë en sanderige streek te vergemaklik.

Ongeveer 3 kilometer van Sekwani het Segale se impi van ongeveer 500 man, wat deur die heer Ellenberger as tolk vergesel is, by Holdsworth en sy troepe aangesluit, waarna die

tog gedurende die vroeë oggendure van Saterdag, 25 November, na Derdepoort voortgesit is.

Die onbewaakte, niksvermoedende laer

Hier het maar skaars 100 burgers van die kommando Rustenburg, wat nie saam met kommandant Du Plessis na Gaberones gegaan het nie, onder bevel van waarnemende kommandant JF Kirsten agtergebly. Die walaer wat deur hulle opgepas moes word, was op Transvaalse bodem geleë, in 'n nekkie tussen twee rantjies, 'n paar honderd tree oos van die poort, waardeur die Maricorivier in noordelike rigting gevloei het. Ongeveer 'n kilometer noord van die laer het verskeie geboue langs die rivier af verspreid gestaan. Dit was die woonhuise waar-in die polisie van kommandant Riekert met hul gesinne gewoon het, die polisiekantoor, twee winkels en 'n skooltjie.

Die inwoners van dié klein dorpie het die aand van die 24e die nag rustig en sonder onraad tegemoet gegaan en die selfde toestand het ook in die walaer geheers. Sover Kirsten en sy burgers wis, was die vyand alleen langs die treinspoor in Betsjoeanaland doenig en almal was dus houtgerus. Daar is selfs nie eens moeite gedoen om snags wagte langs die rivier of op die rantjies aan die oorkant daarvan te stasioneer nie; slegs 'n paar wagte is om die laer self geplaas.

Die Boere was onder die indruk dat Linchwe nog hulle vriend was

Daar het wel gerugte aangaande 'n moontlike aanval van Linchwe se volk op die Boere 'n winkelier, ene Angers, te Sekwani aan die oorkant van die rivier, bereik. Hiervolgens sou Surmon kort tevore alle onderdane van Linchwe te Sekwani na Mochudi ontbied het om daar gewapen te word vir 'n aanval teen die Boere. Angers, hierdeur verontrus, het onverwyld met Gert Rooseboom, sekretaris van kommandant Riekert se polisieafdeling te Derdepoort, in verbinding getree. Riekert het hom hieraan egter nie gesteur nie en geen voorbereidsels getref om so'n aanval te weerstaan nie. Hy en sy paar ondergeskiktes het die Bagatlas as vriendskaplik beskou, net soos die burgers in die laer self.

Elke dag nog was daar immers hulpvaardige onderdane van Linchwe in en om die laer doenig om die Boere met allerlei takies behulpzaam te wees; en dié het selfs aan hulle gereeld inligting aangaande die bewegings van die Britse pantsertreine verskaf! Gevolglik het almal die Vrydagaand, 24 November, gerus gaan slaap, sonder enige vrees vir gevaar.

Ongeveer 'n uur voor dagbreek het Holdsworth die rantjies langs die Marico bereik en daarna versigtig na die bosse langs die rivier beweeg. Segale se impi het, gehoorsaam aan die Britse Bevelvoerder se bevel, op die Engelse se regterflank deur die rivier getrek en die aangewese rantjie aan Transvaalse kant, naby die

laer beset. Die Britte het Holdsworth op een punt regoor die laer, aan die oorkant van die rivier met die maxim laat stelling inneem. Die dag het gebreek en die Boerelaer het stadig tussen die bosse deur voor hulle in die skemer begin sigbaar word.

Die Engelse en die Bagatlas val aan

Meteens het die gebulder van die maxim almal in die omgewing wakker geruk. Die geknetter van die Engelse se leemetfords en die Bagatlas se martini-henry's het die lawaai laat aangroei. Langs die rivier het daar 'n demoniese krygsgeskreeu opgeklink wat alle rumoer oortref het, onderwyl die swart drom gedaantes besig was om met die transportpad langs en oor die veld in 'n digte massa op die verbouereerde laer af te storm. 'n Aantal het laeraf koers gekies na die alleenstaande huise van Riekert se polisie, die winkel van die heer Pieters en die woning van Early, die fotograaf.

Sommige van die burgers in die laer was in hul verbouereerde toestand deur die oorverdowende geskreeu van die inboorlinge onder die indruk dat die Swartes reeds tussen hulle was en het in aller yl blindelings uitgevlug. 'n Paar het in die hande van die barbare geval wat hulle op wreedaardige wyse afgemaak het, dog die meeste kon daarin slaag om te ontkom. Die res van die laer het gou van hul skrik bekom en met vasberadenheid begin om die aanvallers onder vuur te neem. Op bevel van kommandant Kirsten het die Boere op twee rantjies

weerskante van die laer posisie ingeneem, sodat die burgers wat op die westelike flank was, geleentheid gehad het om hul vuur op die rivier te konsentreer, waarvandaan die Engelse nog aanhoudend gekiet het. Dit het die wêreld vir die Britte en hul maxim aldaar te warm laat word. Daarop het Holdsworth sy vuur laat staak en begin om te retireer, vas oortuig dat die swart horde wat hy tot die aanval aangevuur het, die taak verder sou volbring.

Elke stormloop van die Swartes is egter met goeie gevolg afgeslaan, sodat hulle om 10 uur die oggend finaal die wyk na die rivier geneem het, waar hulle tussen die ruie bosse en op die rantjies aan die oorkant uiteen is om goeie skuiling te soek. Net af en toe het hulle nog 'n geweerskoot in die rigting van die woonhuise gelos en die burgers in die laer verhinder om te gaan vasstel wat met die polisie en hul gesinne gebeur het.

Die aanval op die polisiewonings

Hier het intussen 'n treurspel afgespeel. Nadat die Engelse maxim en leemetfords die sein vir die aanval gegee het, het 'n groot aantal Bagatlas op die woonhuise afgepyl. Hulle het die winkel en woonhuis van Pieters geplunder, mevrou Pieters doodgeskiet en haar man saamgevoer deur die rivier na 'n inboorlingstatjie aan die oorkant, waar hy eers gevange gehou, later na Mochudi geneem en daarvandaan deur die


Engelse na Bulawayo gestuur is. 'n Aantal van die skreeuende barbare het op die polisiestatie en woonhuis van kommandant Rieker toege-sak, waarin egter niemand was nie, en dit geplunder en daarna aan die brand gestee. 'n Paar van die polisiebeamptes het probeer om na die laer te hardloop om hulp te gaan ontbied, maar is deur die barbare omsingel en oorrom-pel voordat hulle die waens kon bereik. Hulle is doodgemartel en hul liggame in 'n gruwelik verminkte toestand agtergelaat.

Vyf van die polisiemanne, Christiaan en Paul Potgieter, Gert Coetzee, Dawid Smit en Antonie Kruger, het probeer om 'n paar vroue en kinders by een van die woonhuise teen die aanval van die Swartes, wat in 'n oormag op hulle toegesak het, te verdedig. Nadat die vyf mans al hul ammunisie weggeskiet het, het hulle besluit om 'n stuk laken, aan 'n riet gebind, as witvlag op te steek in 'n poging om die vroue en kinders se lewens te red. Mevrouw JJ Potgieter het die vlag viermaal opgesteek, dog elke keer is die riet in haar hand stukkend geskiet. Totaal omsingel en radeloos het die vroue toe maar besluit om met die kinders die vyand tegemoet te hardloop en om genade te gaan smee, terwyl die mans elders heen sou uitwyk om die vroue se poging nie te bemoeilik nie. Die Swartes het hulle egter aan die vroue se gesmeek nie gesteur nie maar al skietende op die weerlose groepie afgestorm. Tydens hierdie stormloop is mevrou Johanna Potgieter en 'n seuntjie van Paul Potgieter gewond.

Wegvoering van die vrou en kinders

Op 'n afstand van agt tree is die barbare deur die bevel van 'n oorlamse aanvoerder tot stilstand gebring. Hy het sy trawante verbied om hul slagoffers om die lewe te bring. Hulle het die groepie vroue en kinders dadelik gevange geneem en na die rivier toe aangejaag. Hulle het nie ver gevorder nie, toe hulle op 'n tweede groepie gevange vroue en kinders afkom, waaronder Cornelia, die vrou van Christiaan Potgieter was, wat 'n pynlike koeëlwond aan haar linkerbeen opgedoen het.

Aan die oorkant van die rivier het hulle 'n blanke wag van 15 Engelse rapportgangers en fietsryers, met rewolwers gewapen, teengekom. Dié het egter geen poging aangewend om hulle uit die hande van die barbare te verlos nie. Een



van die wag, 'n Engelse soldaat wat met sy geweer en sabel op 'n perd gersit het, het hulle nog boonop bespot. "Ja," het hy honend gesê, "julle was mos altyd baas. Sê my, wie is nou die baas?"

Die Bagatlas het die vroue en kinders aangejaag tot by 'n klein statjie aan die oorkant van die rivier, waar nog twee gevangenes bygekom het, Lizzie de Villiers, Kleurling-huishoudster van die winkelier Angers, en Marthinus, die seuntjie van Zacharias Pretorius.

Lizzie het vertel dat die Swartes Angers se winkel omsingel en die winkelier twee steke met 'n assegaai toegedien het onderwyl hulle sy geld geëis het. Voordat sy egter die geld aan hulle kon oorhandig, het hulle op Angers aangelê en drie skote op hom afgevuur, waarna hulle die winkel geplunder het. Kort daarna het 'n Engelse korporaal en luitenant Surmon, die seun van die assistent-Kommissaris, daar aangekom en haar beveel om daar te bly tot kolonel Holdsworth sou opdaag. Na hul vertrek het 'n aantal Swartes haar egter in weerwil van die Blankes se bevel, na die statjie gebring.

Onmenslike ontberings

Daar was nou altesaam 16 vroue en kinders as gevangenes in die hande van die Bagatlas in die bogenoemde swart statjie byeen. Hulle is egter nie toegelaat om lank daar te vertoef nie maar is kort daarna nog verder gevoer tot by die statjie van Melouwe, een van Linchwe se onderkapteins. Hy wis blykbaar nie hoe om met

die Blanke vroue en kinders te handel nie en het hulle gevolglik beveel om onder geleide van 'n Swarte met 'n witvlag na Derdepoort terug te keer. Hulle was net 'n klein endjie op pad, toe die gids hom met vlag en al uit die voete maak, met die gevolg dat die paniekbevange vroue, bevrees dat hulle in 'n hinderlaag gelei sou word, omdraai om 'n ander uitkoms te soek. Hierop het Melouwe hulle onder gewapende swart geleide te voet na Mochudi laat aanjaag. Hulle het Lizzie de Villiers egter op 'n wa laat ry en toe hulle bemerk dat mevrou Cornelia Potgieter hul gang vertraag weens die wond bokant haar linker knie, het hulle haar ook toegelaat om op die wa te ry. Die ander is egter nie toegelaat om te ry nie en moes vanaf sononder die Saterdag-aand tot Sondagmôre bly loop, met uitsondering van kort tussenposes snags wat hulle toegelaat is om te slaap, sonder bedekking en op die kaal grond!

Toe die tog Sondagoggend met dagbreek hervat is, het Lizzie de Villiers met haar smeking en met 'n bietjie geld wat sy by haar gehad het, die Swartes oorgehaal om almal op te laai. Maar toe die son opkom, is hulle weer eens gedwing om te loop. Na mate die dag steeds warmer geword het, het die ontbering van die weerlose groepie toegeneem. *"Het lijdend dier vrouwen"* - so vertel Lizzie de Villiers - *"was verschrikkelijk, daar voetseer, honger en het dragen van kleine kinderen haar verhinderden te wandelen; zij werden gruwelijk mishandeld, aangezien water zowel als voedsel haar op*

hun smeken geweigerd werd.” Hulle het Vrydagaand, die 24e, laas iets te ete gehad en was tot Sondagaand, die 26e, sonder enige kos of water.

Omstreeks 2 uur die Sondagmiddag het hulle in ‘n uiters gehawende toestand die buite-wyke van Mochudi bereik, nadat hulle ongeveer 50 kilometer te voet afgesukkel het. Na nog ‘n nag van ontberings in die veld, is hulle uiteindelik die Maandagmôre die stat ingebring, waarna Linchwe se halfbroer, Segale, verder beheer oor hulle oorgeneem het. Hy het hulle na die gebou van die sendingskool geneem en teen die aand het hulle ‘n skottel ongesifte meel as voedsel ontvang en ‘n bokseil gekry om op te slaap.

Uiteindelijke uitkoms

Hier moes hulle hul lot afwag tot Dinsdagmiddag, toe luitenant Surmon met ‘n wag van 30 swart polisie en ‘n muilwa opdaag om hulle na Mochudistasie te neem. By hul aankoms aldaar het kommissaris WH Surmon aan hulle die keuse gestel om per trein, óf na Bulawayo, óf na die Boere te Krokodilpoel vervoer te word. Nadat die vroue die wens uitgespreek het om na Krokodilpoel te gaan, natuurlik omdat hulle verkies het om by hul eie mense te wees, het kaptein Llewellyn ‘n brief aan kommandant Swart te Krokodilpoel gerig en hom gevra om die gevangenes ‘n endjie noord van Gaberones by die trein in ontvangs te neem. Swart het dit

gedoen en hulle na Enzelsberg gestuur waar hulle versorg kon word en weer kon herstel na die week van ontberings wat hulle moes deurmaak.

Intussen was die toestand te Derdepoort nog steeds uiters haglik. Kommandant Du Plessis het die berig van die aanval eers Maandagaand, 27 November, ontvang en onverwyld met 50 perderuiters en ‘n maxim daarheen vertrek. Hy het die afstand van 8 uur te perd in ‘n rekordtyd afgelê en by sy aankoms bevind dat die Swartes nog in groot getalle aan die oorkant van die rivier in die bosse geskuil het en besig was om teen die rantjies skanse te bou. Hy het die maxim op ‘n nabygeleë koppie laat trek en met ‘n paar goedgemikte sarsies hulle op die vlug geja, waarna die burgers met veiligheid kon uittrek om die nog onbegraafde lyke op te spoor en te begrawe.

Die Boere se verliese

Die verlies aan Boerekant was groot. Van die burgers in die laer het Jan A Barnard (lid van die Eerste Volksraad), Christiaan Schoonraad, Gabriël Smit, Gert Verburg en fietsryer-rapportganger Hendrik le Roux gesneuwel, en van die burgers wat tydens die verwarring uit die laer gevlug het, is F Pieterse, H Eckard en fietsryer-rapportganger TJ van Biljon vermoor. DA Swarts, wat die selfde oggend niksvermoedend vanaf Rustenburg by die laer aangekom het, is ook wreedaardig om die lewe gebring. Vier van die burgers is gewond, te wete Michiel

Haarhoff, Daniël Lewis, G Francis en JF van Staden. Uit die geledere van die polisie het die volgende gesneuwel: Gert A Rooseboom (sekretaris van kommandant Riekert), Zagarias L Pretorius, sr., Jacobus S Pretorius, Christiaan W Potgieter, Paul J Potgieter (15 jaar oud), Gert Coetzee, Stephanus P Coetzee en Antonie Burger. Polisieman JL Croukamp was gewond. Die name van ander burgerlike persone wat om die lewe gebring is, was 'n sekere Early (foto-graaf en Britse onderdaan wat sy lot by die Boere ingewerp het), Angers (winkelier te Sekwani), mev Pieters (eggenote van die ontvoerde winkelier te Derdepoort, in haar woning doodgeskiet), Anna M Fourie (vrou van polisieman WJ Fourie, in haar huis doodgeskiet) en J Helberg. By die lyk van rapportganger Van Biljon is nog 'n liggaam gevind van 'n persoon in bruin ferweelklere, wie se gesig reeds so geskend was deur aasvoëls dat hy nie herken kon word nie.

Die vroue en kinders wat deur die Bagatlas na Mochudi weggevoer is, was mevrou Johanna J Potgieter, met haar kinders Carolina, Anna, Johannes, Petrus en Adriaan en haar kleinkind Zacharias Pretorius ('n seuntjie van 4 jaar); mevrou Cornelia J Potgieter (vrou van Christiaan Potgieter wat vermoor is), mevrou Johanna Smit (vrou van Dawid Smit en ook 'n dogter van mevrou JJ Potgieter), mevrou Susanna Pretorius (vrou van Dawid Pretorius) en haar 15-jarige dogter, Anna JC Pretorius; Adriaan en Christiaan Croukamp (10 jaar en 8 jaar oud,

kinders van die weduwee Croukamp), Marthinus Pretorius (seuntjie van Z Pretorius wat vermoor is), Roelof Fourie (5-jarige seuntjie van Anna Fourie, wat deur die Bagatlas doodgeskiet is) en Lizzie de Villiers, Kleurling-huishoudster van die vermoorde winkelier Angers.

As die name van die vroue en kinders by die ander verliese aan vermoordes, gesneuweldes en gewondes getel word, kom die totale verlies van die Boere by Derdepoort te staan op 45. Hulle het ook nog 'n verdere verlies gely van 81 osse wat gedurende die aanval deur die Swartes uit die krale geroof en weggevoer is. Hierteenoor het die vyand 'n verlies van 50 gesneuwelde barbare gehad.

6

Die wêreld se reaksie

Skok en afkeur

Suid-Afrika is deur hierdie treurige voorval wat te Derdepoort plaasgevind het, diep geskok. Waarnemende kommandant Kirsten wat saam met die oorlewendes die gruweldade in al hul afgrysklikheid aanskou het, het die ooggetuies se gevoel beskryf met die volgende woorde: *“Zulk een daad is de barbaarste die nog ooit door een zoogenaamd beschaafde Regering is begaan.”* Die Republikeinse bevolking het gevoel dat *“zulk een lage en gemene daad strijdt tegen alle gebruiken van beschaafd oorlog voeren en bewijst tot welke middelen onzen vijanden zich verlagen om ons uit te roeien.”*

Diepe afkeur van die nuwe middele wat deur die vyand in werking gestel is in sy pogings om die twee Republieke te onderwerp, is van verskillende kante af uitgespreek. Die Republikeinse pers het gepraat van *“de gruweldaden verricht door kaffers onder leiding, en op bevel en zelfs onder dwang van Engelsche officieren die daartoe geïnstrueerd waren door Buller, Milner en Chamberlain, namens het Britsche volk, onder invloed van Engeland’s geliefde Nero, Cecil Rhodes en tot ere en tot meerdere glorie van het meest Christelijke en allerbeschaafste Europese Rijk.”*

Die Italiaanse en Nederlandse Konsuls te Pretoria het aan hul Ministers van Buitelandse Sake in Rome en Den Haag verslag gedoen van die gebeure en daarop aangedring dat hulle by Engeland teen hierdie handelwyse protesteer.

Die Engelse probeer hulself verontskuldig

Nadat die openbare mening die Engelse laat besef het wat alles deur hulle ontketen is, het hulle die saak probeer afmaak met die verskoning dat Linchwe se Bagatlas strenge opdrag gehad het om nie die rivier oor te steek nie, maar dat hulle ongelukkig volkome buite beheer geraak het en dat die hulp wat hulle aan die Engelse soldate moes verskaf, in elk geval beperk moes bly tot die rol van gidse, ossedrywers en perdeoppassers. Waarom hulle vir hierdie doel 500 Bagatlas nodig gehad het, is geen verklaring voor gegee nie. Die *Times History of the War in South Africa* probeer om die Engelse van alle blaam vir die voorval te onthef en beweer dat Holdsworth se troepe vooraf geen kontak hoegenaamd met die Bagatlas gehad het nie. Volgens die skrywer van dié werk was die Swartes reeds lank tevore in groot getalle langs die rivier besig om hul grenslyn teen die Boere te bewaak en het hulle op eie houtjie tot die geveg toegetree toe Holdsworth sy aanval begin het, met die gevolg dat daar per ongeluk twee vroue doodgeskiet is. Dit sou dan

aanleiding gegee het tot die ontstaan van al die bohaai aan Boerekant.

Hierdie bewerings is egter van alle waarheid ontbloot. Die blaam vir die ongelukkige voorval te Derdepoort rus op die skouers van die Engelse en in besonder op dié van Nicholson en Holdsworth. Ten spyte van waarskuwings uit eie geledere, het hulle met voorbedagte rade die Bagatla-impie in 'n krygsoperasie teen die Boere aangevoer, hulle beveel om deur die Maricorivier te trek en vanaf die rantjie op Transvaalse bodem, wat hulle volgens opdrag moes beset, die sein vir die aanval op die Boerelaer af te wag. Llewellyn se verskoning dat hulle "*got out of hand completely*" en die Britte gevolglik nie vir die moorde in die dorpie en die wegvoering van die vroue en kinders verantwoordelik gehou kan word nie, kan dus nie die Engelse se aandadigheid aan die gepleegde gruweldade vryspreek nie. Hierdie skandvlek op die Engelse se militêre geskiedenis dien as voorbeeld van hoe hierdie wêreldmag deur die eeue heen klein nasies ingespan het om 'n ander klein nasie te help verdelg.

Die gebeurtenis het die Republikeinse Regering en krygsoffisiere tot die besef gebring dat die burgermag die Transvaalse wesgrens voortaan nie meer alleen teen die Engelse nie, maar ook teen die swart stamme in dié geweste sou moes beskerm. Op die selfde dag waarop die aanslag teen Derdepoort plaasgevind het, het 'n groot aantal Swartes in die ruie katnaelbos by Gaberones 113 osse van die Boere, wat onder

die sorg van swart veewagters was, afgeneem. 'n Patroolie burgers het hulle agterna gejaag en teen sonder ingehaal. Hulle het 'n aantal van die agterste booswigte neergeskiet, maar weens die toesakkende donker, die ruie omgewing en die feit dat die getalle van die rowers só groot was dat die patroolie nie eers die beeste voor hulle kon sien nie, moes die klompie burgers uiteindelik die beeste maar prysgee en omdraai.

Valse gerugte

Ook het daar na die tragedie te Derdepoort, allerlei wilde gerugte die rondte gedoen, onder andere dat Linchwe se Bagatlas 'n grootskaalse inval in die Republiek gedoen het, dat hulle op 28 November alreeds so ver as Mabieskraal gevorder het en dat al die Bagatlas daarvanvandaan tot by Saulspoort by hulle sou aansluit en dan op Rustenburg sou aanswerm. Dit het soveel paniek verwek dat baie gesinne in die distrik in laers begin saamtrek het. Verskeie gesinne het selfs met waens die dorp binnegetrek om beskerming te kom soek en die wagte om die dorp is verdubbel. Nadat vasgestel is dat daar geen waarheid in die gerugte steek nie en dat die duisende Bagatlas in die distrik Rustenburg, alhoewel in naam aan Linchwe se gesag onderworpe, hulle almal nog vreedsaam gedra het, het die paniekerigheid egter geleidelik be-
daar.

Die Boere se maatreëls om verdere tragedies te voorkom

Intussen het die Regering ook maatreëls getref om die laer te Derdepoort deeglik te beveilig. Op Sondag, 26 November, is 'n dokter, vergesel van 15 berede burgers vanaf Rustenburg na die laer gestuur en ook 'n hoeveelheid ammunisie wat deur 'n wag van 25 man soontoe geneem is, terwyl kommandant Swart dadelik 100 man vanaf Krokodilpoel na Gaberones oor-geplaas het, waarvan 75 direk na Derdepoort gegaan het.

President Kruger het verder ook beveel dat kommandant Lombard met 250 Waterbergers, wat bestem was om na Grootrivier te gaan, na die samevloeiing van die Krokodil- en Maricoriviere moes optrek, ten einde daarvandaan hulp aan Derdepoort te verskaf wanneer nodig. Vervolgens is alle beskikbare burgers wat in die distrik Rustenburg met verlof tuis was, opgeroep om na Derdepoort te gaan, aangesien die ontvangte berigte daarop gedui het dat die Bagatlas te Sekwani nog steeds baie aggressief was en moontlik besig was om nog 'n groot aanval te beplan. Inderdaad was hulle dan ook sedert 25 November voortdurend besig om hulle in die rante tussen Sekwani en die rivier te verskans.

By hierdie defensiewe maatreëls het die Boere dit ook nie gelaat nie maar hulle intussen ook gereed gemaak om nog vroeg in Desember die swart gevaar, wat sy kop aan die Tran-

vaalse wesgrens so skielik op 25 November 1899 uitgesteek het, uit te wis en sodoende terselfdertyd ook die bloed van die vermoordes te Derdepoort te wreek.

Hierdie moorde wat deur die Engelse aangehits was, het daartoe gelei dat die Boere nie meer soveel op die beleg van Mafeking kon konsentreer nie, maar 'n aansienlike deel van die burgers wat vir die beleg gebruik kon word, moes afsonder vir die beskerming van hul grense teen invalle van swart stamme wat deur Plumer en sy onderhorige offisiere tot die moorde aangehits is, met die klaarblyklike bedoeling om die druk wat die Boere op Mafeking uitgeoefen het, daardeur te probeer verlig.

7

Die Boere se straf tog

Plumer beweeg suidwaarts

Nadat kolonel Plumer ontdek het dat die Boere uit Noord-Transvaal gewyk het, het hy besluit om met sowat 400 van sy manskappe, met 'n 2½ duim kanon en 'n maxim na Palapye te marsjeer. Sy doel was om Mochudi te bereik, sodat hy hiervandaan steun kon verleen aan Holdsworth, Nicholson en Llewellyn, in hul pogings om die spoor suidwaarts te herstel vir die gebruik van die gepantserde treine in hul operasies teen die burgers van kommandante Swart en Du Plessis. Plumer het reeds op Oujaarsdag 1899 Palapye bereik.

Die Boere-offisiere kla steen en been

Die Bosveldkommando van Pieter Daniël Swart het aan die begin van Desember nog steeds te Krokodilpoel gestaan met ongeveer 300 burgers, waarby sowat 150 Rustenburgers van kommandant Du Plessis was, terwyl 120 Rustenburgers van Derdepoort se laer Gaberones bewaak het.

Swart, sowel as Du Plessis, het steen en been gekla oor die "oorweldigende mag van die vyand", die gebrek aan water en weiding, oor die baie gevalle van Malaria en maag- en inge-

wandsiektes onder die burgers in hul laers, die gebrek aan 'n geneesheer en oor onvoldoende grofgeskut.

Verskuiwing van laers

Swart het op 5 Desember al sy burgers van Gaberones en Krokodilpoel onttrek en laer opgeslaan te Kanfontein, ongeveer 8 kilometer oos van Ramoutsastasie, met die verskoning dat hy hiervandaan nog net so goed die terrein by die treinspoor kon beheer. Die terugtrekking van Swart se burgers het die troepe by die gepantserde treine in die geleentheid gestel om sonder verdere hindernis die treinbrug noord van Gaberones só doeltreffend te herstel dat hulle in staat was om op 10 Desember met die treine alreeds tot regoor Gaberones te patroleer.

Die Derdepoort-laer word versterk

Die toestand aan die Transvaalse grens noord van Mafeking het die Regering verontrus omdat die kommando'tjies aldaar nie in staat was om die vyand behoorlik die hoof te bied nie. Daar moes so gou doenlik versterkings gestuur word om die westelike deel van die Republiek teen die Britte, maar veral teen die dreigende swart gevaar te beskerm. Op 1 Desember was daar alreeds 'n 70-tal burgers van die wyk Hexrivier op pad na Derdepoort, en kaptein Eloff het met ongeveer 150 manskappe en grofgeskut vanaf Johannesburg daarheen vertrek.

Die Bagatla-gevaar duur voort

By Derdepoort was die eintlike Bagatla-gevaar nog steeds dreigend. Kommandant Du Plessis het elke dag 'n nuwe aanval verwag en het generaal Snyman dringend versoek om die afdeling Rustenburgers wat te Kanfontein, regoor Ramoutsa, by die Bosvelders van PD Swart was, na Derdepoort te laat terugkeer, aangesien hy net 150 manskappe tot sy beskikking gehad het om die grenslyn vanaf Derdepoort tot aan die Matlabas te bewaak.

Die Regering het besluit om die heer Willem Janse van Rensburg as veggeneraal vir hierdie kommando's aan te stel, om verdere verbroekeling van kragte en oorvleueling van gesag te voorkom. Maar Van Rensburg het oor geen kry van enige betekenis beskik nie.

Die Regering het by die verkiesing van krygsoffisiere hul oorlogsrekord selde in ag geneem. Dikwels is meer op hul invloed op hul medeburgers gelet as op hul bekwaamhede as krygsmanne. Eers later in die Oorlog is enkele persone wat hulle werklik onderskei het, as generaals aangestel.

Planne om Linchwe te straf

Generaal Snyman het met sy krygsraad op 9 Desember besluit om 130 burgers onder bevel van kommandant Dawid Louw vanaf Mafeking na Derdepoort te stuur om in samewerking met kommandante Swart en Du Plessis, onder aanvoering van veggeneraal van Rensburg, 'n

ekspedisie teen Linchwe te onderneem om hom te straf vir sy aanval die vorige maand op die Boere.

Kommandant Louw se perderuiters het op 14 Desember by die laer te Kanfontein aangekom. Op 16 Desember het kommandant Swart en Louw saam met die offisiere van Derdepoort by Slaailaagte, wat halfpad tussen Derdepoort en Kanfontein geleë is, krygsraad gehou en besluit om die Bagatlas noordwes van Derdepoort aan te val sodra kaptein Eloff met sy manskappe en grofgeskut vanaf Saulspoort af opdaag. Kommandant Swart kon nie sy eie kanonne wat te Krokodilpoel reggestel gestaan het om die treine mee te beskiet, vir die aanval teen die Swartes gebruik nie.

Op 13 Desember het kommandant Lombard met 'n patroolie van 30 Waterbergers by die burgers te Derdepoort aangekom en 'n week later het ook kaptein Sarel Eloff by hulle aangesluit na 'n vermoeiende tog met sy grofgeskut en sy Johannesburgse manskappe. Generaal Van Rensburg was nou sterk genoeg om met die voorgenome straftog teen die Bagatlas voort te gaan en sy krygsraad het dan ook besluit om dit onmiddellik deur te voer. Kommandant Swart kon egter nie sy laer te Ramoutsa te veel verswak nie, maar hy het darem 100 Marico-Bosvelders vir die aanval afgesonder.

Swart en Louw het vroeg die Donderdagoggend, 21 Desember, met hul 230 manskappe na Derdepoort vertrek, waar kommandant Du Plessis ook met 100 burgers van die Derde-

poortlaer gereed was om aan die aanval deel te neem.

Vanaf die rivier te Derdepoort strek 'n reeks rante oor 'n afstand van ongeveer 7 kilometer in noordwestelike rigting en agter hierdie rante was Sekwani, een van Linchwe se groot statte, geleë. Die Bagatlakaptein het na die aanval en moorde van 25 November die grootste gedeelte van sy krygsmag hier te Sekwani saamgetrek, al die vroue, kinders en vee hiervandaan na Mochudi en omstreke verwyder en die streep rante sterk beman, waar die Bagatlas hulle intussen onledig gehou het met die bou van sterk klipskanse vir verdediging teen die Boere.

Die kommando's trek op

Generaal Van Rensburg het gereël dat 'n afdeling van kaptein Eloff se manskappe en Lombard se Waterbergers, wat die rivier by die drif moes deurtrek, die vyandelike posisies naaste aan die laer sou aandurf. 'n Aantal burgers van kommandant Kirsten moes 'n endjie hoërop oor die damwal wat kommandant Riekert daar laat bou het, deur die rivier trek en die hoofkommando onder kommandante Swart, Louw en Du Plessis moes heelwat hoërop aan die noordwestekant die sterk bemande stellings van die vyand met behulp van grofgeskut gaan aanpak.

Nog die selfde Donderdagaand het die verskillende afdelings van die kommando in die rigting van die vyand noordweswaarts voortgetrek. Die burgers van kommandante Swart,

Louw en Du Plessis, wat die hoofmag van die Bagatlas op die verste punte vanaf Derdepoort, in die nabyheid van die stat Sekwani moes gaan aanval, was genoodsaak om met 'n aansienlike omweg hul doelwit te bereik, ten einde te voorkom dat hulle deur die Bagatlas wat nader aan Derdepoort was, ontdek word. Daarom het die tog versigtig voortgegaan en was die vordering maar stadig, want dit was moeilik om in die donker 'n geskikte pad vir die ammunisiewa, die twee maxims en die paar waterkarre te vind. Nietemin het die burgers daarin geslaag om teen dagbreek tot regoor die verste punt van die rantjies te vorder.

Toe dit lig word, gewaar hulle die reeks vyandelike skanse op ongeveer 1 000 tree afstand voor hulle. Om die punt van die laaste rant aan die noordekant, was die boswêreld ruig en het dus, benewens die klipskanse, uitstekende skuiling aan Linchwe se strydsmagte gebied, wat hoofsaaklik met martini-henry's gewapen was. Dit het die bestorming van die klipskanse 'n baie gewaagde onderneming gemaak, 'n onderneming wat nog verder bemoeilik is deur die feit dat die burgers, om die skanse te bereik, oor kaal lande sou moes storm wat die Swartes daar gemaak het en wat feitlik tot teenaan die koppies uitgestrek gelê het. Hulle sou dus feitlik geen dekking hê nie.

Die gevegte

Kommandant Casper du Plessis het niemin sy afdeling laat gereedmaak om die naaste koppie te bestorm, en toe hy die bevel gee, het die burgers in die saal gespring en in verspreide orde oor die kaal landerye na die voet van die koppie gejaag. Dit was toe al lig genoeg om goed te sien en toe die stormloop begin, het die koeëls dadelik tussen die burgers gespat. Die kanonne was egter in so 'n posisie dat hulle die burgermag goed kon ondersteun en kort-kort het daar stofdampe op die vyandelike stellings uitgeslaan waar die bomme gebars het, maar die vyand het hom nie daardeur laat afskrik nie en die stofwolke was nog nie behoorlik weggetrek nie of die blou rokies het weer oral bokant die klipmure opgeskiet, wat egter aan die aanstormende burgers 'n goeie aanduiding gegee het waarheen hulle vuur gerig moes word. Hulle het oor die kaalte tot teen die voet van die koppie gejaag waar hulle afgespring en van agter die haak-en-steekbos se beskutting op die skanse begin vuur het.

Die klipmure waaragter die Swartes geskuil het, het geen skietgate gehad nie, met die gevolg dat hulle skuts immer hul koppe bokant hul skanse moes uitsteek om te kan korrelvat en dit het aan die Boereskuts aan die voet van die rant geleentheid gegee om baie kopskote te skiet. Die Bagatlas se verliese het dan ook vinnig gestyg, maar desnieteenstaande het hulle daarin geslaag om in die front uit te hou.

'n Groot aantal van hulle het daarin geslaag om vanuit die ruie bosse agter die skanse, links om die rant te sypel en onder dekking van die ruigte die burgers van Du Plessis half te omsingel en 'n kruisvuur op hulle te open. Alhoewel meesal ongesiens, was hulle naderhand só na aan die Boere dat hulle duidelik gehoor kon word. Casper du Plessis was 'n skoonseun van president Kruger en was bekend onder die Bagatlas as "Ranjôba". Hy hoor toe bo die gerosemoes van stemme duidelik hoe Segale aanhoudend skree: "Skiet dood vir Ranjôba! Skiet dood vir Ranjôba!" Toe bulder Du Plessis ook 'n paar keer: "Skiet dood vir Segale! Skiet dood vir Segale!" Maar nie een van die twee het gesneuwel nie.

Die onverwagte omsingeling deur die vyand het Du Plessis se burgers egter in 'n netelige posisie geplaas. Hulle sou nou onmiddellik die forte stormenderhand moes verower of anders retireer. Omdat hul ammunisievoorraad ook haas uitgeput geraak het, is 'n paar manne aangesê om na die ammunisiewa terug te jaag om 'n nuwe voorraad te gaan haal. 'n Deel van Segale se krygers het teen daardie tyd al daarin geslaag om tussen die ruie bosse aan die linkerflank só ver om die Boere te werk dat hulle in staat was om 'n poging aan te wend om die Boere se ammunisie te buit. Die burgers van kommandante Swart en Louw het die gevaar egter betyds bespeur en die aanvallers teruggeskiet. Daarna het hierdie burgers die bosse al veggende vanaf die sloot waar die wa gestaan

het, aan die linkerkant teen die rant uit begin skoonmaak, sodat dit nie vir Du Plessis se burgers nodig was om terug te val nie.

Van 'n vars ammunisievoorraad voorsien, het die Kommandant daarna beveel dat die kop bestorm moes word. Die burgers het soos één man opgespring en die skanse so hewig bestook dat dit vir die vyand agter die klipmure onmoontlik was om langer oor die muur aan te lê. Vir die meeste van hulle het die wêreld tussen die klippe nou te nou geword. Hulle het aan die agterkant van die kop tussen die ruie bos verdwyn. 'n Aantal van die dapperstes het egter tot op die laaste oomblik bly lê en skiet en nie opgespring voordat die burgers feitlik op hulle was nie. Die meeste van hulle is deur die mausers neergehaal, dog 'n klompie het tog daarin geslaag om met 'n ligte sprong oor die muur te wip en onmiddellik in die ruie boskasie agter die skanse te verdwyn. Hulle wis goed dat hier onmiddellik veilige bedekking was en dat dit vir die Boere baie gevaarlik sou wees om hulle hier agterna te sit.

Toe die Boerekommando op die kruin van die rante by die rye skanse uitkom, kon hulle nog gewaar hoe 'n aansienlike deel van die vyand soos 'n groot voetgangerssprinkaanswerm die vlaktes aan die oostekant van die koppe invlug om spoedig tussen die hoë gras wat daar amper manshoogte gestaan het, weg te raak. 'n Deel van die burgers wou hulle dadelik te perd agternajaag, maar die offisiere was van mening dat so 'n poging te veel lewensverlies sou mee-

bring. Hulle het die gewoontes van die Swartes geken en wis dat die burgers te perd maklike skywe sou vorm vir die verskuilde vyand in die hoë gras, wat hulle tot op 'n paar tree afstand sou lê en inwag om seker te maak dat hulle nie misskiet nie, om dan te vuur, weer op te spring en die ruigtes in te vlug.

Daarom het hulle die stormkommando na die wag by die ammunisiewa en die waterkarre laat terugkeer ten einde die burgers, wat gedurende die eerste oorlogsmaande nog nie eintlik in noemenswaardige gevegte betrokke was nie en dus nie wis watter kwaai dors mens gedurende so 'n geveg ontwikkel nie, geleentheid te gee om hulself te verkwik en ook ontbyt te geniet. Hulle is daarna beveel om die agtervolging van die vyand voort te sit. Hulle het nou noord om die rant getrek in die rigting van Sekwanistat, waarheen al die Swartes nou besig was om te vlug.

Die burgers van kommandante Eloff, Lombard en Kirsten het intussen aan die oostelike sy van die gevegsterrein, wat naastenby oor 'n afstand van 'n halfuur te perd gestrek het, ook daarin geslaag om die Swartes oral uit hul skanse langs die rantereeke te verdryf. Aanvanklik het die Johannesburgers moeilikheid ondervind om die rivier by die drif oor te steek, omdat die vyand se stellings daar so naby aan die rivier geleë was dat hulle die burgers die oorgang kon betwis. Die burgers het hier etlike verliese gely voordat hulle daarin geslaag het

om die Swartes van die drif af in die rigting van Sekwani te verdryf en die rivier oor te steek.

Sekwani word vernietig

Die verenigde kommando het nou vinnig vanaf die rant op die groot stat afgepyl. Linchwe en Segale se krygers was egter nie van plan om by hierdie vesting teen die Boere-aanslag wal te gooi nie. Die meeste van hulle het net haastig 'n klompie besittings gegryp en was besig om paniekbevange die bosse aan die westekant in te vlug toe die voorste perderuiters tussen die eerste hutte deurgestorm kom. Toe die kommando gewaar dat die vyand hom nou heeltemal ontvlug het, het hulle besef dat dit 'n onbegonne taak sou wees om hulle deur die ruie bos na Mochudi te agtervolg. Daarom het die burgers hulle daarop toegelê om die stat te verwoes, sodat die Bagatlas nie weer sou kon terugkeer om die laer te Derdepoort daarvan te bedreig nie. Elke burger het van hut tot hut met 'n brandende bossie gras gery en in 'n ommesientjie het die hele stat in ligte laaie gestaan, onderwyl dik rookwolke en die geknetter van vlamme op die strooidakke die lug ingestyg het.

Die straftog was suksesvol

Nadat hulle hiermee klaar was, het die kommando om elfuur die oggend maar omgedraai en aan die oostekant van die rantereeke die terugtog na die laer begin met die plan om

die rivier weer deur die drif deur te trek. Daar was nêrens meer 'n teken van die Bagatlas te bespeur nie. Hulle was inderdaad skoonveld en het so "een vreesliken afschrik gekregen" dat hulle die verenigde vlug volgehou het tot by hul hoofstat Mochudi, om aan Linchwe en die Engelse die nuus van die Boere se gruweldade te gaan oorbring. Alhoewel die burgers gevoel het dat die moorde te Derdepoort hiermee nog lank nie behoorlik gewreek was nie, was hulle nogtans seker dat Linchwe se hordes nie gou weer die weste van die Republiek sou bedreig nie. Volgens die getal gesneuweldes by die skanse en dié wat hulle in die bosse regs van die rante gekry het, het hulle vasgestel dat daar naastenby 150 van die vyand gesneuwel het. Generaal Van Rensburg het die totale sterkte van die Bagatla-strydmag wat deur die Boere hier verslaan en na hulle hoofstat op die vlug gedryf is, op ongeveer 2 000 tot 3 000 geskat. By die kop wat deur kommandant Du Plessis se burgers aangeval is, was daar alleen ongeveer 1 200.

Die verlies aan Boerekant was egter ook gevoelig, wat te wyte was aan die feit dat die Bagatlas uit goed verskanste posisies verdryf moes word. Van kommandant Lombard en kaptein Eloff se burgers het 3 manskappe gesneuwel en 3 was lig gewond. Kommandant Kirsten se manskappe het geen verlies gely nie. Van kommandante Du Plessis, Swart en Louw se burgers was daar 3 gewond. Die hele kommando het dus 'n verlies gely van 3 gesneuweldes en 6 gewondes.

Nadat sy taak as afgehandel beskou is, het die verenigde kommando se verskillende afdelings weer na hulle onderskeie basisse teruggekeer.

Die Derdepoort-laer is versterk

Die Regering en die offisiere het egter nou toegesien dat Derdepoort nie weer so weerloos gelaat word nie. Die Rustenburgers wat toe nog by Swart se laer te Ramoutsa was, asook 50 burgers uit die wyk Hexrivier, is na Derdepoort gestuur om die kommando te gaan versterk. Daar is daagliks vanaf Derdepoort, Ramoutsa en Krokodilpoel patrollies uitgestuur, sodat met hierdie verkenningswerk voorkom kon word dat een van die kommando's weer onverhoeds betrap sou word deur die nuwe vyand wat so onverwags as bondgenoot van die Engelse op 25 November by Derdepoort kop uitgesteek het.

Aftakeling van die burgers se moreel

Maar die burgers se daadkrag by Derdepoort en ook te Ramoutsa was teen hierdie tyd grootliks belemmer deur liggaamlike ongesteldhede. Baie siekes wat aan Malaria en maagaandoenings gely het, moes al huis toe gestuur word weens die gebrek aan medisyne en die afwesigheid van 'n geneesheer in die laer.

Daarom het die Regering aan dokter Magol van Rustenburg opdrag gegee om na die Derdepoortse laer te gaan om die siekes te gaan be-

handel. Daar het ook perdesiekte onder die rydiere begin uitbreek, sodat dit begryplik was dat die moreel van die burgers deur al die ontberings nadelig aangetas is. Boonop moes hulle nog steeds rekening hou met die nuwe vyandigheid van Linchwe se Bagatlas en voorbereid wees op 'n moontlike soortgelyke aanval as dié wat plaasgevind het.

8

Die tragedie by Kaya-se-put

Die Bagatlas bly steeds 'n bedreiging

Die suksesvolle straf tog wat die Boere in die middel van Desember 1899 teen Linchwe se Bagatlas onderneem het, sodat hulle “een vreeslijken afschrik” vir die wraak van die Boere gekry het, het hulle net tydelik gedemoraliseer. Na mate hulle Engelse bondgenoot uit Rhodesië, met sy pantsertreine en sy krygsmag al verder suidwaarts in die rigting van Mafeking gevorder het en 'n doring in die vlees van die Boerekommando's op die grens geword het, het die Swartes weer moed geskep om met nuwe vyandigheid teen die Boere, hulle Engelse makers te ondersteun.

Plumer bedreig die Boere by Krokodilpoel

Kolonel Plumer het op 27 Desember 1899 met 400 manskappe en twee kanonne vanaf Tuli sy opmars suidwaarts begin, nadat hy met verligting ontdek het dat die Boere dié gebied verlaat het. Op 10 Januarie 1900 was hy reeds naby Mochudi, waar hy met Nicholson se pantserafdeling verenig het. Sy mag was toe meer as 1 000 manskappe sterk, met 'n 2.5-duim ka-

non, 'n seweponder, twee maxims en twee gepantserde treine.

Plumer het sonder versuim met die spoorlyn langs suidwaarts opgeruk en op 15 Januarie Gaberones bereik, waar hy 240 manskappe van Bird se Rhodesiese Regiment in die koppies langs die spoor laat stelling inneem het, onderwyl die *Railway Volunteers* besig was om die vernielde treinbrug te herstel.

Swart en Van Rensburg is te bang om die Engelse aan te val

Bird se afdeling het nou kontak gemaak met die Rustenburg- en Maricoburgers wat deel van kommandant Swart se krygsmag gevorm en die hoë rant langs die Notwanirivier by Krokodilpoel beset gehad het. Swart het nie kans gesien om met sy 300 burgers die Engelse aan te val nie. Hy wou nog 300 van Mafeking af hê, maar generaal Snyman wat Mafeking beleër het, het gereël dat hy versterking van Derdepoort ontvang. Du Plessis het egter nie kans gesien om 'n enkele van sy 450 burgers by Derdepoort af te staan nie, want hy het elke oomblik 'n aanval van die vyand aldaar verwag. President Kruger het aan Snyman laat weet dat dit noodsaaklik is om 300 burgers vanaf Mafeking noordwaarts te stuur, maar Snyman het gemeen dat Swart, Louw en Eloff heeltemal genoeg manskappe het om Plumer se troepe-mag in toom te hou.

Op 20 en 23 Januarie het daar klein skermutselings tussen die twee magte plaasgevind, maar verder het dit nie gekom nie. Swart het uiteindelik darem 75 man as versterking vanaf Derdepoort onder generaal Van Rensburg self ontvang, maar hy het nie tot 'n grootskaalse aanval op Plumer se mag oorgegaan nie. Bird het intussen geleentheid gehad om sy troepe op die koppies deeglik te verskans, sonder dat Swart en Van Rensburg hom lastig geval het. Van Rensburg het 'n week later weer na Derdepoort teruggekeer en aan die Regering laat weet dat dit 'n onbegonne taak sou wees om die vyand te Krokodilpoel aan te val. Hy wis geen ander raad nie as dat die Regering 'n *sterk* kommando moes stuur met 'n paar *groot* kanonne om die vyand te omsingel, sodat hulle tot oorgawe gedwing kon word!

Dit was duidelik dat Van Rensburg te bang was om die Engelse aan te val. Hy was boonop as aanvoerder heeltemal onbevoeg. Generaal Snyman was verbaas dat die offisiere by Krokodilpoel vir hul taak teruggedeins het. Hy het gerieflikheidshalwe vergeet dat hy self te lafhartig was om met sy groot beleëringsmag Baden-Powell se troepemag in Mafeking aan te durf en tot oorgawe te dwing.

Die Regering betig die bang offisiere

President Kruger was ook bitter teleurgestel om te hoor "dat de offisiere daar zoo zeer wan-

kelmoedig zijn. Het schijnt of onze menschen te Krokodilpoel niet op den Heer en zich zelf vertrouwen, maar op kanonnen en dan gaat het verkeerd." Hy het beveel dat alle burgers van Marico en Rustenburg wat met verlof tuis was, opgeroep moes word om onmiddellik die kommando te Krokodilpoel te hulp te snel.

Alhoewel die kommando op 7 Februarie 1900 reeds 200 burgers van Mafeking af gekry het en veggeneraal Van Rensburg met 50 burgers vanaf Derdepoort in die laer by Krokodilpoel aangekom het, is daar geen aanstalles gemaak om die vyand aan te val nie. Daarom het Bird by wyse van 'n paar nagtelike aanvalle op die burgers se skanse teen die rant, probeer om die Boere tot aksie aan te spoor. Hy het egter nie sukses behaal nie, maar sy aanvalle is darem telkens met sukses afgeslaan.

Plumer het besef dat die onaktiewe Boerekommando by Krokodilpoel tog daarin slaag om hom van Mafeking af weg te hou en daarom het hy 'n nuwe roete beplan in 'n poging om die Boere te ontglip deur te probeer om oor Kanya die hand aan Baden-Powell en die beleërde dorp te reik.

Die Bagatlas slaan weer toe

Aan die begin van Februarie 1900 het daar egter 'n paar gebeurtenisse in die distrikte Rustenburg en Marico plaasgevind wat nuwe bekommernis aan die Regering van die Republiek besorg het. Met die straftog wat teen die Bagatlas van Sekwani aan die einde van Desember

1899 uitgevoer is, is nie daarin geslaag om die Republiek se wesgrens van alle gevaar van invalle van vyandiggesinde swart stamme te suiwer nie. Deur middel van militêre vertoon en ander druk deur Plumer uitgeoefen, het die Engelse dit reggekry om die meerderheid van die swart kapteins in Betsjoeanaland langs die Republikeinse grens, soos Khama, Mpefu, Linchwe, Bathoen, Magoia, Pilaante, Sebele, en ook ander, teen die Boere op te rui, sodat Swart, Van Rensburg en Du Plessis nie net aandag aan Plumer se bewegings langs die treinspoor moes bestee nie, maar ook nog op hul hoede moes wees vir die aanvalle van swart kommando's wat meesal deur Britse offisiere aangevoer is.

Die ramp by Kaya-se-put

Die Bagatlas van Betsjoeanaland was op hierdie tydstip ook al weer volkome slag gereed. 'n Groot impi van naastebly 1500 krygers het daarin geslaag om noord van Derdepoort ongesiens die Republikeinse grens oor te steek en was besig om doelloos in die ruie bosveld, ongeveer 40 kilometer suidoos van Derdepoort rond te luier. Op Sondag 18 Februarie gewaar hulle 5 waens wat, swaar belaai met meel en ander voorrade vir die Derdepoortse laer bestem, besig was om onder sorg van 10 burgers moeisam met die grootpad aan te kruie. Daar was net drie perderuiters onder hulle, 'n sekere Olivier, Dreyer en Willem Gouws.

By Ganskuil het hierdie drie 'n endjie vooruit gery tot by Kaya-se-put, waar hulle deur die Bagatlas aangeval is. Olivier en Dreyer het egter daarin geslaag om te ontvlug en berig van die gebeure na die laer te Derdepoort te bring. Willem Gouws se perd is onder hom doodgeskiet, maar omdat hy 'n goeie naellooper was, kon hy wegkom en ontkom.

Daarna het die hordes op die waens toegesak. Vyf van die sewe burgers het ook daarin geslaag om te ontvlug, maar M Kilian en Marthinus Ras kon nie ontsnap nie en is albei op wreedaardige wyse om die lewe gebring, onderwyl die waens geplunder is.

By die ontvangs van hierdie berig het veldkornet Roos met 60 man vanaf Derdepoort teen die impi opgeruk en 'n verbete geveg teen die Bagatlas gevoer. Hulle was in staat om hulle self 'n geruime tyd lank te handhaaf, aangesien hulle van vuurwapens voorsien was en 'n groot oormag uitgemaak het. Daar het dan ook 7 burgers gesneuwel voordat Roos uiteindelik daarin geslaag het om hulle in die rigting van Tweedepoort te verdryf. Daarna moes Roos noodgedwonge na Derdepoort terugval omdat dit vir sy ontoereikende krygsmaggie te gevaarlik sou wees om die vyand te agtervolg.

Toe kommandant Du Plessis, wat op hierdie tydstip met 150 burgers van die Derdepoortse laer by Krokodilpoel was, berig ontvang van die slag wat Roos teen die Bagatla-impie gelewer het, het hy met 100 ruiters deur die rante van Rampapaan na Jan-se-kop opgeruk

om die vyand voor te sny. Hulle het hom egter betyds gewaar en noordwaarts geswenk, en is die laaste keer gewaar toe hulle 'n endjie bokant die samevloeiing van die Krokodil- en Maricorivier weer in Betsjoeanaland verdwyn het.

Na die moorde by Kaya-se-put het die Regering die oorblywende burgers in die distrikte Rustenburg en Marico gekommandeer om die twee distrikte teen die nuwe gevaar te gaan beskerm. Daar was egter feitlik geen reserwes meer beskikbaar nie en daarom het die Regering 250 burgers wat vroeër uit hierdie omgewing onder kommandant Steenkamp na Colenso gestuur is, teruggeroep. Hulle het Rustenburg op 9 Maart bereik, gereed om behulpsaam te wees met die verdediging van die twee westelike distrikte.

Verskuiwing van die laers

Berigte oor nog Bagatla-impi's wat op verskeie plekke gewaar is, het die burgers in Swart se laer by Krokodilpoel soveel bekommernis oor die veiligheid van hul gesinne besorg, dat 'n aantal van hulle sonder verlof huiswaarts wegglip het om hul wonings te gaan beskerm. Swart se laer is daardeur soveel verswak dat hy die Regering versoek het om hom toe te laat om sy hele laer terug te trek na 'n punt waar hy in staat sou wees om die onluste in die distrik te bekamp, terwyl hy nog deur middel van patrollies na die grens die Engelse se vordering langs die treinspoor kon belemmer. Die Regering het toegestem en op 26 Februarie 1900

opdrag gegee om die Derdepoortlaer suidooswaarts te verplaas na Jan-se-kop, by Bierkraalspruit, 'n paar kilometer noord van Pilandsberg, sodat die plase hiervandaan beskerm kon word. Die laer kon nie onmiddellik verskuif word nie omdat daar 220 trekosse kortgekom het, wat eers op Rustenburg, 140 kilometer daarvan, gekommandeer moes word.

Valse gerugte en die bang Van Rensburg

Die veiligheid van hierdie laer was tien dae lank 'n groot bron van kommer vir die Regering. 'n Groot aantal burgers aldaar het aan Malaria gely en hul kosvoorraad was op 'n paar slagbeeste na, geheel en al uitgeput.

Velkornet Roos het egter met moeite daarin geslaag om te Rustenburg 800 osse bymekaar te kry, waarmee hy, vergesel van 60 berede burgers, op Vrydag 2 Maart na Derdepoort vertrek het. By Pilandsberg het veggeneraal Van Rensburg met 'n kommando van 90 burgers, almal voetgangers, by hulle aangekom en hulle meegedeel dat Du Plessis se laer deur die Engelse en 'n Bagatla-impi omsingel was en dat die koppies rondom Bierkraalspruit van gewapende Swartes gewemel het. Hy, Van Rensburg, het verklaar dat hy onder geen omstandighede kans gesien het om die osse veilig na Derdepoort deur te kry nie en het die burgers beveel om om te draai en die trop na Rustenburg terug te neem. Daarop het hy self met

sy burgers na Elandsrivier teruggetrek, terwyl Roos met 'n paar man voort is na Derdepoort. Gelukkig het hy egter kort daarna vir Jacobus Malan met 30 ruiters raakgeloop, wat vanaf Derdepoort gekom het om met die osse te help. Landdros Brink het intussen daarin geslaag om te belet dat die osse weggeneem word. Hy het Van Rensburg beweeg om saam met Roos en Malan met 100 burgers die trekdier na Derdepoort te bring. Hulle het die laer op 8 Maart sonder teëspoed bereik en veilig uitgebring.

Alhoewel daar feitlik geen voedsel meer was nie en die meerderheid van die burgers straf aan koors (Malaria) gely het, was Van Rensburg se storie dat hulle deur Plumer se troepe en Linchwe se bendes omsingel sou wees, geheel en al onwaar. Dit het die Regering tot die slot-som gebring dat Van Rensburg "in het geheel niet voor zijn betrekking berekend is," met die gevolg dat hulle hom ontslaan het.

Aangesien die twee laers, met die oog op die beskerming van die twee distrikte teen aanvalle van swart bendes, verplig was om nader aan die bewoonde plase te verskuif, was daar nou geen Boerekommando meer aan die grens van die Republiek noord van Mafeking wat enigsins 'n poging kon aanwend om die Engelse se bewegings langs die treinspoor te belemmer nie.

Die wesgrens lê oop en Plumer is op pad na Mafeking

Toe Plumer te Krokodilpoel gewaar dat die Boere spoorloos verdwyn het, het hy die geleentheid aangegryp om nog 'n hele end nader aan Mafeking te kruip. Die treinbrug was reeds herstel en die volgende paar dae is naartoe aan die vernielde spoor onder dekking van 'n gepantserde trein gewerk. Die vordering was so voorspoedig dat Plumer op 6 Maart met sy hele krygsmag Lobatsi kon bereik. Hy het op 31 Maart 'n poging aangewend om Mafeking te bereik, maar is met groot verlies deur die Boere wat Mafeking beleër het, teruggeslaan. Daarna het Plumer geduldig noord van Mafeking rondgeluier totdat hy op 17 Mei 1900 saam met kolonel Mahon se ontsettingsmag uit die suide, daarin geslaag het om Mafeking binne te marsjeer.

9

Die swart vloedgolf oor Transvaal

Die Engelse het deur die plasing van Plumer se troepemag aan die noordwesgrens van die Republiek en deur die besetting van Mafeking uitmuntend daarin geslaag om die bewondering en lojaliteit van die swart stamme in dié gebied vir hulle te verseker, waardeur hulle in staat gestel is om dié stamme tot vyandigheid teen die Boere te beïnvloed en vir hulle op hierdie wyse goeie bondgenote in die stryd te verseker.

Plumer se suksesvolle aksies op die grens en die Boere se neerlaag te Mafeking het die respek wat die inboorlinge in dié streke vir die Boere gehad het, afgetakel sodat hulle nie gehuiwer het om gemene saak met die Engelse te maak en Transvaal binne te val nie. Dit het feitlik gelyktydig met die inmars van die Britse leërs in Transvaal plaasgevind, sodat al vroeg in Junie 1900 die Engelse joernalis, CJ Weir, beweer het dat *native looters seem to have overrun the Transvaal*.

Die Engelse het nie weer probeer om soos by Derdepoort hierdie feit te verdoesel deur te beweer dat die Swartes alleen maar die rol van gidse, ossedrywers en perdeoppassers vervul het nie. Hulle is gebruik om die Boere se vee

bymekaar te gaan maak en na die Engelse kommando's te bring. Toe die plaasaafbranding begin, moes hulle die Engelse help om die huise te plunder en aan die brand te steek. Hulle moes help om die gesaaides te verniel en af te brand. Hulle moes help om die pluimvee op die verlate werwe te vang en dood te maak. Hulle moes vir die Engelse die vroue en kinders wat teen dood en lewe probeer wegvlug het, gaan vang en na die kampe toe aanjaag. Hoeveel verkragtings het nie plaasgevind nie! Hulle het bendes gevorm wat met die goedkeuring van hulle Engelse bondgenote, stroop- en plundertogte op die plase uitgevoer het.

Generaal Jan Smuts skryf in Januarie 1902 in 'n brief aan president Kruger: "Toe die mishandeling van vroue en kinders geen ander uitwerking op die Boere gehad het as om nog harder te veg en te volhard in hul regverdigte stryd nie, toe wend die vyand 'n nog fataler middel aan om ons te beveg, die bewapening en die gebruik van gewapende naturelle." Hy skryf dat toe die vyand in 1901 Nylstroom en Pietersburg ingeneem het, het hulle geskenke en wapens aan die swart kapteins van Waterberg en Soutpansberg gegee. Kort daarna het onverwags die vreeslikste moorde op vroue en kinders en oumense gevolg.

GD Scholtz sê in *Generaal CF Beyers* dat die stryd in Noord-Transvaal tot aan die einde van die Oorlog, "tussen Boer aan die een kant en Brit en Kaffer aan die ander kant" gegaan het. Ds RD McDonald skryf in *In die skaduwee*

van die dood dat hierdie Swartes in die woonhuise gegaan het en met geweer in die hand uiters brutaal en beledigend teenoor die vroue opgetree het. Hulle het eenvoudig brood, botter, melk, klere, perde en enigiets wat hulle wou hê, geëis en wee die vroue wat dit nie gou vir hulle gegee het nie.

Ewald Steenkamp skryf in *Helkampe*: “Op die 10e September 1900 is die kaffers deur die vyand in Reitz rondgestuur om al die vrouens, kinders en oues van dae te arresteer, wat nie toegelaat is om in die dorp agter te bly nie. Later het die berede kaffers hulle deur die strate aangejaag en gedurig uitgevloek. Ten spyte van hul hewigste proteste en beroepe op menslikheid van die vyand, is talle vroue se troueringe van hul vingers geruk. Magteloos moes die vroue hierdie vernedering verduur, terwyl die blanke vyand meer gedoen het om die kaffers in hul brutaliteit te sterk as om hulle teen te gaan.”

Vir die arme weerlose vroue en kinders op die plase was hierdie “swart bemagtiging” en die toepassing daarvan ‘n geweldige skok. Mevrouw Aletta de Jager van Pietersburg beskryf sommige van haar ervarings in *Mag ons vergeet?* van mevrou E Neethling, as volg:

“Ons het nooit kon dink dat die Engelse die kaffers sou toelaat om ons te molesteer en om sulke gruweldade jeens weerlose vroue en kinders te begaan nie. Die kaffers het vir ons mans beloop dat hulle ons geen kwaad sou doen nie. Maar hulle is ‘n valse nasie! En wat het ons

gesien? Binne agt dae nadat die troepe Pietersburg ingetrek het, het al die kaffers Brits geword. En toe is hulle uitgestuur om al die vee wat nog op die plase by die vroue was, af te neem. En nie net alleen het hulle die vee afge- neem nie, maar het die eiendom van die vroue op vyandige manier verniel en gesê dat hulle dit doen op bevel van die Engelse.”

“Toe dit donker word, het ons almal in die huis gegaan en die deure toegesluit. Maar pas het ons dit gedoen of daar word geweldig op die deure geslaan. Die deure het oopgevlieg, en stukke glas uit die vensterruite het in ons gesigte gespat. Kaffers met byle en sabels spring ons huis binne en gryp alles wat hulle in die huis kon kry. Hulle het vir ons niks oorgelaat nie as net die klere wat ons aan ons lyf gehad het.”

“Die kaffers het gesê dat ons die volgende dag ons huis moes verlaat, anders sou hulle vir ons met geweld daaruit kom haal, want die Engelse het gesê hulle moes dit doen en ook die Boere vang, want dan sou hulle die Boere se plase kry.”

Mevrou Betty Hofmeyr van Marabastad, Pietersburg het op 8 September 1902, in ‘n hartroerende brief in die selfde boek haar ervarings beskryf, toe sy en haar huisgesin na die konsentrasiekamp vervoer is. ‘n Paar fragmente daaruit lui as volg:

“Wat was ons ontsteltenis toe ons hoor dat die Engelse die kaffers opgeroep het om hulle te

help met die gevangening van die Boere en hul families.”

“Die Engelse het regdeur na Louis Trigardt getrek. Honderde gewapende kaffers het met hulle meegetrek. Die kafferkapteins het self vir ons vertel dat Magato se volk bymekaar geroep is en orders ontvang het om burgers, vroue en kinders te vang en na die Engelse te bring.”

“Dié nag kom die kaffers van alle kante op die stasie bymekaar en die oggend was daar tussen ses- en aghonderd bymekaar.”

“Watter vreeslike angs het ons gedurende dié dae gely! Omring deur honderde barbare, wat ons uitgeskel en gedreig het om ons met hulle asgaaie te steek – rondom ons niks as woedende vyande nie!”

“Die kaffers het orders gekry dat hulle al ons vee en die waens na die Engelse toe moes bring, en dus kon ons in ons eie waens reis.”

“So baie kaffers het op ons waens geklim dat ons skaars plek vir onself kon kry.”

“Die waens het hulle naby aan mekaar getrek en honderde kaffers het rondom ons wag gehou. Tot twee-uur in die oggend het hulle aangehou met dagga rook, vloek en rumoer.”

“Meer as een nag het ons niks anders verwag as om vermoor te word nie. Saans het die meide vir die kaffers bier gebring, en dan het hulle gedrink tot hulle beskonke was. Dit was aller-aaklig om hulle taal dan aan te hoor.”

“Partykeer was dit ondraaglik in die waens; hulle was vol kaffers, en die reuk was genoeg om mens siek te maak. Onder hulle was ook

dié wat aaklige en besmetlike siektes gehad het.”

“Baie van ons het siek gelê aan die malaria-koors, en ons het die nag in ellende en angs deurgebring, maar tog was God naby ons.”

Al die gruweldade wat volgens hierdie getuienisse in Noord-Transvaal gebeur het, het ook in die res van die Republiek en in die Vrystaat gebeur en skrikwekkend voortgeduur tot aan die einde van die Oorlog. Dit het grootliks bygedra tot die onbeskryflike beproewings, smart en ellende wat die geteisterde Boerevolk in hierdie ongelyke stryd teen sy twee verenigde vyande, die Britte en die Swartes, moes verduur.

10

Slot

Die tragedie wat in die vroeë oggendure van 25 November 1899 by Derdepoort aan die Transvaalse wesgrens plaasgevind het, was die eerste openbaring van die hegte bondgenootskap wat die Engelse in die Tweede Vryheidsoorlog met die swart volke van Suid-Afrika gesluit het, in hul gesamentlike pogings om die Boere van die aarde af te verdelg. Die Engelse en hul swart makkers se volgehoue aanslag teen die Republieke tot aan die einde van die Oorlog, vorm 'n groot, donker skandvlek op die Engelse militêre geskiedenis van die vorige eeu. Engeland het altyd 'n bondgenoot nodig gehad wat hom moes help om sy oorloë te wen, maar daarna het die Britse leeu altyd sonder beloning vir die hulp wat hy ontvang het, alleen met die geroofde buit weggestap.



Ander werke van die Skrywer:

Met ryperd en mauser: Oorlogsherinneringe van 'n oudstryder.

Voortrekkerpioniers in Oos-Transvaal: Die geskiedenis van die nedersetting te Ohrigstad.

Die Mafeking-debakel: Die beleg van Mafeking tydens die Tweede Vryheidsoorlog.

Die Bittereinders op die pad van Suid-Afrika: 17 Volksleiers en helde aan die woord.

Drie eeue van onreg: Wat die Afrikanervolk in die 18e, 19e en 20e eeue gely het.

Stemme uit die bos: Bekende Swartes vertel hoe hulle ons geskiedenis beleef het.

Langs die Toelanie: Verhale uit ons klein wilde dierelewe.

Ou Hendrik se stories: Herlewing van die Wolf- en Jakkals-legendes.

Uit die hamerkop se nes: Artikels, staaltjies en persoonlike herinneringe.

Paulus, bitterender vir God: Paulus vertel van al sy sendingreise.

Elia en Elisa: Die verhaal van die twee groot profete in hul eie woorde.

Petrus die rots: Die apostel vertel sy eie verhaal.

Adina se briewe: Sy skryf aan haar pa in Alexandrië wat sy alles in Jerusalem beleef.